HOOFSTUK 3

NAVORSINGSONTWERP

In qualitative research, the investigator usually works with a wealth of rich descriptive data, collected through methods such as participant observation, in-depth interviewing and document analysis.

(Mouton 1996: 169)

3.1 INLEIDING

Die inligting vervat in die vorige hoofstuk is hoofsaaklik afkomstig uit ‘n literatuurstudie wat deur die navorser onderneem is. Benewens dié literatuurstudie is daar ook ondersoek gedoen na die belewenis van veral moeders van ATHV-kinders. Aangesien die navorsing gerig is op die belewenis van moeders, wat nie maklik op statistiese wyse bereken kan word nie, is besluit om 'n kwalitatiewe navorsing te doen.

Die verloop en uitkomste van die empiriese ondersoek word vervolgens in hoofstuk 3 bespreek. Die navorsingsprobleem en die doelstelling van die navorsing word eers kortliks genoem, waarna die metode van ondersoek uiteengesit word. Aan die einde van die hoofstuk word daar 'n opsomming van die navorsingsbevindinge verskaf. Daar sal ook 'n bespreking wees van die wyse waarop moeders hul ATHV-kinders daagliks beleef, asook op watter wyse hulle daaraan uitdrukking gee.

3.2 PROBLEEMFORMULERING

Die probleem wat in hierdie ondersoek nagevors is, is reeds in hoofstuk 1 gestel is, maar dit word volledigheidshalwe kortliks herhaal.

- Watter simptome is kenmerkend van ATHV?
- Watter versteurings kom gepaard met ATHV voor?
- Wat is die aard van die hantering- en interaksiestyle van die ouers, veral die moeder, van die ATHV-lyer?
- Wat is die aard van die funksionering en tydsbesteding van die gesin van die ATHV-lyer?

In opvolging van die breë navorsingsvrae wat hierbo gestel is, kan die volgende navorsingsvraag gestel word, naamlik:
"Wat is die belewenis van moeders van ATHV-leerders?"

Om die problematiek doelmatig aan te spreek, is spesifieke doelstellings geformuleer. Hierdie doelstellings word vervolgens uiteengesit om groter duidelikheid te bied.

3.3 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

3.3.1 Hoofdoelstelling

Die hoofdoelstelling van die studie is om ondersoek in te stel na die belewenis van moeders van ATHV-lyers. Binne hierdie konteks word daar verder twee onderliggende doelstellings onderskei, naamlik om 'n literatuurstudie te doen en 'n empiriese ondersoek te onderneem.

3.3.2 Doelstelling van die literatuurstudie

Die navorser onderneem 'n literatuurstudie ten einde die mees onlangse en relevante teoretisering oor die gekose onderwerp, naamlik ATHV en die moeder se belewenis van haar ATHV-kind, te ondersoek, asook soveel inligting as moontlik oor die onderwerp te verkry. Die doelstelling van die literatuurstudie is om te verseker dat duplisering nie plaasvind nie. Die navorser het vrae geformuleer, aan die hand waarvan ondersoek ingestel is.

Hierdie vrae behels die volgende:

- Wat is die aard en omvang van ATHV?
- Watter invloed het ATHV op die gesinsdinamika?
- Wat is die belewenis van die moeder van die ATHV-lyer?
- Op watter wyse hanteer die moeder haar ATHV-kind?

Ten einde inligting oor die onderwerp te verkry, is daar ook 'n empiriese doelwit gestel. Die navorser onderneem om inligting aan die hand van kwalitatiewe metodes in te win.

3.3.3 Doelstelling van die empiriese navorsing

Die empiriese navorsing sal aan die hand van kwalitatiewe navorsingsmetodes geskied. De Vos et al (1998:240) omskryf kwalitatiewe navorsing as "... a multiperspective approach (utilising different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing this interaction in terms of the meanings that the subjects attach to it".

De Vos et al (1998:243) en Louw en Edwards (1993:889-890) is van mening dat kwalitatiewe navorsing op die proses eerder as op die eindresultaat van die navorsing fokus. Die empiriese doelwitte van die navorsingsproses sal vir die doeleindes van hierdie studie soos volg uiteengesit word:

- Die identifisering van proefpersone vir die deelname aan hierdie navorsingsproses
- Onderhoudvoering met moeders van ATHV-lyers ten einde hierdie moeders se belewing van hulle ATHV-kinders te ondersoek

3.4 REGVERDIGING VIR DIE GEBRUIK VAN KWALITATIEWE NAVORSING

3.4.1 Inleiding

Die navorser se doelstelling om meer te wete te kom oor die moeder se belewing, betekenisgewing en betrokkenheid by haar ATHV-kind het aanleiding gegee tot die besluit om intensief (idiografies) met 'n paar proefpersone te werk. As gevolg van die navorser se betrokkenheid by die proefpersone, is daar induktief te werk gegaan, met ander woorde spesifieke aanhalings/feite van die proefpersone word deur redenering herlei na algemene stellings. Induktiewe redenering vereis 'n besonder noukeurige versameling van data met die oog op die formulering van veralgemenings.

3.4.2 Gebruik van kwalitatiewe navorsing

De Vos et al (1998:242-243) maak die volgende stellings met betrekking tot kwalitatiewe navorsing:

- In kwalitatiewe navorsing word die realiteit as subjektief beskou.

- In kwalitatiewe navorsing probeer die navorser om 'n fenomeen te begryp.
- Kwalitatiewe navorsing is idiografies en die navorser probeer om die betekenis wat subjekte aan hulle alledaagse lewens heg, te begryp.
- Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van 'n induktiewe vorm van redenering en ontwikkel sodoende begrip, insigte en konsepte uit die data.
- Konsepte word in die vorm van temas, motiewe en kategorieë weergegee.
- Die data word voorgestel in die vorm van woorde, aanhalings uit dokumente en transkripsies.
- Die data word geanaliseer deur temas uit te lig.
- Die analise is holisties en konsentreer op die verhoudings tussen elemente, kontekste, en so meer. Die geheel is altyd meer as die som van die dele.
- Die navorsingsontwerp is uniek en buigsaam en ontwikkel gedurende die navorsingsproses. Daar is nie vooropgestelde stappe wat gevolg moet word nie.

Welman en Kruger (2001:186-187) merk op dat kwalitatiewe navorsing tydsaam kan wees. Die bevindinge kan nie sonder meer veralgemeen word nie, aangesien elke proefpersoon se definiëring van die wêreld en die fenomeen wat ondersoek word uniek sal wees. Daar word in hierdie navorsing van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak in die ondersoek na die belewenis van moeders van ATHV-leerders. Vervolgens word 'n kort beskrywing gegee van die metodes wat deur die navorser gebruik is.

3.4.3 Die metode van ondersoek

'n Kwalitatiewe ondersoek waarin die moeders van enkele junior en senior primêre skoolleerders tussen die ouderdomme sewe en 13 jaar betrek sal word, word gedoen.

3.4.3.1 Die selektering van proefpersone

Die steekproeftrekking verwys na die wyse waarop die navorser proefpersone vir deelname aan die navorsingsproses selekteer. Die proefpersone moet aan sekere kriteria voldoen om geselekteer te word. Doelbewuste steekproeftrekking is gebaseer op die aanname dat die navorser ‘n groep proefpersone selekteer wat informasieryk is en die fenomeen verteenwoordig wat die navorser wil ontdek en begryp (De Vos et al

1998:198-199). Proefpersone is geselekteer uit ‘n groep ATHV-leerders en hul moeders. Die kriteria vir deelname aan hierdie navorsing sluit in:

- Die leerders is reeds gediagnoseer met ATHV deur ‘n pediater/ neuroloog/ geneesheer
- Die leerders se ouderdomme wissel van sewe tot 13 jaar
- Die leerders is seuns
- Die moeder is die primêre versorger van haar ATHV-kind
- Geen egskeiding het plaasgevind tussen die ATHV-lyer se ouers nie
- Die moeder van die ATHV-lyer is bereid om twee onderhoude (ongeveer een tot een-en-‘n-halfuur elk) aan die navorser toe te staan

Die navorser het 'n plaaslike laerskool geskakel in haar soeke na geskikte proefpersone. Die navorser het versoek om onderhoude met moeders van ATHV-lyers tussen die ouderdomme van sewe en 13 jaar te voer. Alle ATHV-leerders moes reeds deur 'n pediater/neuroloog/geneesheer as met ATHV gediagnoseer wees. Die telefoonnommer van die sameroepster van die betrokke primêre skool se ATHV-ondersteuningsgroep is verskaf. Die navorser het telefonies die doel van haar studie bekend gemaak waarop die sameroepster van die ATHV-ondersteuningsgroep die telefoonnommers van enkele moeders verskaf het. Nadat die navorser die doel van haar studie aan hierdie moeders bekend gemaak het, is afsprake telefonies met hulle gemaak. Die sewe- tot dertien-jaar speling in ouderdom verseker dat die invloed van die toenemende ouderdom van die ATHV-leerder ook in ag geneem kan word ten opsigte van die moeder se belewenis van haar ATHV-kind.

Daarna het die navorser 'n navorsingsplan uitgewerk waarin sy haar doelstellings (kyk afdeling 3.3) weer duidelik geformuleer het. Die navorser het besluit om 'n selfsaamgestelde lys van vrae as aanknopingspunt te gebruik **(kyk Bylae 2)** by die eerste onderhoud. Die moeder van 'n ATHV-kind voltooi die vraelys voordat die navorser weer eens (eerste verduideliking tydens telefoniese gesprek) die doel van die onderhoud beklemtoon, asook die vertroulikheid van die onderhoude en bevindinge.

3.4.3.2 Lys van vrae

'n Vraelys is 'n instrument met oop of geslote vrae waarop 'n proefpersoon moet reageer. Die basiese doel van sodanige lys van vrae is om feite en menings van 'n

proefpersoon oor 'n spesifieke verskynsel te verkry (De Vos et al 1998:153). Die navorser het 'n selfsaamgestelde lys van vrae oor biografiese besonderhede (kyk Bylae 2) gebruik om as aanknopingspunt met die moeder van die ATHV-kind te dien, asook om aan die hand daarvan duidelikheid oor die stand van die kind met betrekking tot ATHV te verkry.

3.4.3.3 Deelnemende waarneming

Volgens Welman en Kruger (2001:185) vervul die navorser 'n tweeledige rol. Die navorser neem die proefpersoon waar en hou verslag van die proefpersoon se belewenisse. Die navorser behoort 'n balans tussen waarneming en deelneming te handhaaf en dit met oordeelkundige onderhoudvoering aan te vul.

3.4.3.4 Die onderhoud

Om meer insiggewende data te verkry, is dit noodsaaklik om waarneming met onderhoudvoering aan te vul. Welman en Kruger (2001:158-159,161) voer aan dat die onderhoud die volgende voordele vir die navorser inhou, naamlik:

- Deur 'n vertrouensverhouding met die proefpersoon te vestig, kan die onderhoudvoerder inligting bekom wat die proefpersoon moeilik op 'n vraelys sal verskaf
- 'n Goeie onderhoud kan grondige inligting na vore bring, wat nie altyd moontlik is wanneer daar van 'n vraelys of telefoniese onderhoude gebruik gemaak word nie
- Die onderhoudvoerder kan onmiddelik onduidelike response van die proefpersoon opvolg deur verdere vrae daaroor te vra

Onderhoudvoering varieer van gestruktureerd, semi-gestruktureerd tot ongestruktureerd. Volgens Westbrook (1994:244) word gestruktureerde onderhoudvoering gebruik wanneer die navorser presies weet watter data hy benodig en slegs spesifieke vrae stel om hierdie data te verkry. Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993:121) beskou die semi-gestruktureerde onderhoud as 'n informele en buigsame manier van onderhoudvoering waar proefpersone baie vryheid tydens die onderhoud geniet. Die navorser beplan wel die onderhoudvrae deeglik, maar gee geleentheid aan die proefpersone om self ook spontaan data te verskaf. Vaardigheid en bekwame hantering word egter vereis van die onderhoudvoeder.

Die navorser beoog om van ongestruktureerde onderhoudvoering gebruik te maak. Welman en Kruger (2001:188) omskryf ongestruktureerde onderhoudvoering soos volg: “In unstructured interviews the interviewer simply suggests the general theme of discussion and poses further questions as these come up in the *spontaneous development* of the interaction between interviewer and research participant.” In ongestruktureerde onderhoudvoering word ‘n poging aangewend om te begryp op watter wyse die proefpersoon sy lewenswêreld beleef, asook op watter wyse hy sin maak uit wat besig is om met hom te gebeur. Welman en Kruger (2001:188) is van mening dat die onderhoudvoerder se vrae dus gerig behoort te wees op die proefpersoon se belewenisse, gevoelens en oortuigings ten opsigte van die tema onder bespreking. In hierdie navorsing sal die navorser fokus op die belewenisse van moeders van ATHV-lyers en vrae sal daarom aangepas word soos die onderhoud spontaan ontwikkel. Die navorser sal twee ongestruktureerde onderhoude met elk van die sewe moeders voer, waarna die response van die proefpersone eers individueel ge-analiseer sal word voordat dit met mekaar vergelyk word.

Die eerste onderhoud volg direk ná voltooiing van die vraelys, wat as aanknopingspunt dien, om onsekerhede uit die weg te ruim. Die navorser sal die moeder versoek om haar belewenis van haar ATHV-kind weer te gee. Die aanvangsvraag is: “Vertel my van jou ATHV-kind vanaf geboorte.” Die tweede onderhoud (binne een maand vanaf die eerste onderhoud) sal aan sowel die navorser as die moeder die geleentheid bied om na te dink en terugvoering te gee ten opsigte van die eerste onderhoud. Tydens albei onderhoude sal daar hoofsaaklik van oopeinde-vrae gebruik gemaak word om meer inligting met betrekking tot die belewenis van die moeder van die ATHV-leerders te verkry.

By sowel ongestrukturende as semi-gestrukturende onderhoudvoering is dit moontlik om nuwe vrae te stel om onduidelikhede uit die weg te ruim en om weer terug te keer na onderwerpe waaroor daar steeds vrae bestaan. Die moeder van die ATHV-kind het ook die geleentheid om uit te brei en aspekte te beklemtoon wat vir haar belangrik is. Die navorser kan aan elke moeder die geleentheid bied om haarself uit te druk, sonder om af te dwaal na nie-relevante onderwerpe. Dit is na die navorser se mening voordelig om van ongestruktureerde onderhoudvoering in hierdie navorsing gebruik te maak.

Die navorser sal van oudiobande gebruik maak om te voorkom dat waardevolle inligting verlore gaan. Sy sal by elkeen van die proefpersone toestemming vra om die onderhoude op band op te neem. Die navorser glo dat die proefpersone ten volle ingelig moet wees oor die doel van die navorsing. Die proefpersone moet gerus wees dat alle inligting streng vertroulik hanteer sal word en dat hulle anoniem sal bly. Proefpersone moet ook weet dat inligting wat hulle verskaf, gebruik word vir die analise van hulle belewenisse. Die navorser is bewus van die verantwoordelikheid wat sy teenoor die proefpersone het, asook ten opsigte van geldigheid en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing.

3.4.3.5 Data-analise

Data-analise word gedoen eers nadat die onderhoude op oudioband opgeneem en getranskribeer is. Die getranskribeerde onderhoud is daarna deurgelees om 'n oorsigtelike geheelbeeld te verskaf. Data is ge-analiseer deur die proses van kodering. Elke paragraaf, sin en sinsnede wat tematies van aard is, is onderstreep en eie notas is gemaak. Onderhouddata van sewe moeders van ATHV-lyers is ge-analiseer deur van die gegronde teoriemetode gebruik te maak. McMillan en Schumacher (1997:13) omskryf die gegronde teorie soos volg: "The empirico-inductive approach builds 'abstractions as the particulars that have been gathered are grouped together'. Theory developed this way emerges from the 'bottom up' and is called grounded theory ... The process of data analysis is like a funnel: things are open at the beginning and become more directed and specific at the end as limited generalizations are slowly induced."

Aanvanklike data-analise het tot verdere en meer gefokusde data-insameling gelei, wat tot verdere konseptualisering van data en verfyning van koderingskemas gelei het. Saturasie is bereik toe geen nuwe kategorieë geskep kon word nie (Kendall 1999:745-747; Robrecht 1995:172-175). Voorbeeld 3.1 dien as 'n voorbeeld van die navorser en die mede-kodeerder se poging om die transkripsies van die onderhoude in analitiese-betekenisvolle eenhede te verdeel.

Voorbeeld 3.1: Kodering – die sinvolle ontleding van data binne 'n groter geheel

Moeder: *Jy gryp na elke halmpie. Sy hele graad 4-jaar het hy nie 'n boek gelees nie, want hy kon nie! Ek het alles vir hom gelees. Die tyd en pas was te vinnig. Ook het die*

sielkundige vir my gesê hy is twee jaar agter. Nou moet jy weet hy is op 'n graad 2-vlak. So dit was ons jaar van hel. Ek voel vandag nog steeds dat as sulke kinders nie vinnig opgetel word nie, is hul aanpassing van graad 3 tot 4 geweldig groot. Hulle sê vir jou in graad 3: "Toemaar, hy hoef net sy Afrikaans en Engels te lees en sommetjies te kan doen." En dan kom hy in graad 4 en dan is al die inhoudsvakke daar. Hy kan nie vinnig genoeg lees nie. Hy kan nie met begrip lees nie. So, dit is nag.

Navorser: *Hoe het daardie jaar spesifiek vir hom geaffekteer?*

Moeder: *As jy my kind sien, hy is "happy go lucky", hy glimlag. Jy sal dink dit is 'n kind met baie selfvertroue. Hy sal maklik met jou, met grootmense gesels, maar sy skoolwerk is ... Hy weet Ma is daar, Ma sal hom help.*

Navorser: *Hoe het jy gevoel?*

Moeder: *Daai jaar (graad 4) is ek in 'n depressie in en ek is nog op anti-depressante ... baie trane gehuil … ja.*

Navorser: *As jy sê jy het baie trane gehuil, is dit omdat jy so gevoel het saam met jou kind?*

Moeder: *Ja! Jammer vir hom omdat hy so hard werk en hy is so gemotiveerd om te werk. Ek sê mos hierdie kinders is wonderkinders. Jy leer kliphard saam met hulle en dan wonder jy watter punt hulle huis toe gaan bring. Hulle kan slaag of hulle kan eenvoudig net "way out" dop.*

Tydens die proses van data-manipulering word die data wat ingesamel is in temas, kategorieë en konsepte verdeel. Die temas behoort verteenwoordigend van die relevante data te wees, asook die doelwit van die navorsing ondersteun. 'n Voorbeeld van moontlike temas, soos in voorbeeld 3.1 gesien, is die ATHV-lyer se simptome, die moeder (se belewenis), asook skooleise.

In die volgende afdeling word op twee belangrike aspekte van kwalitatiewe navorsing gefokus, naamlik die geldigheid en betroubaarheid van sodanige navorsing.

3.5 DIE GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN KWALITATIEWE NAVORSING

3.5.1 Inleiding

Die navorser is van mening dat die hoofdoelwit van enige navorsing wat onderneem word, die verkryging van resultate is wat geldig en betroubaar is. In kwalitatiewe navorsing kan die resultate nie sonder meer veralgemeen word nie, aangesien elke proefpersoon se belewing en definiëring van sy wêreld en die fenomeen wat ondersoek word, uniek is.

3.5.2 Geldigheid

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1993:117) omskryf geldigheid in kwalitatiewe navorsing soos volg: "Geldigheid is 'n eienskap wat toegeskryf word aan stellings of logiese argumente wat gegrond is op waarheid, feite of reëls van die logika". Die navorser is daarvan bewus dat subjektiwiteit 'n faktor by al die metodes, naamlik by die keuse van vrae, deelnemende waarneming en onderhoudvoering is. Henning (1995:32) onderskryf die volgende "...ensure scaffolded validity throughout the research act and not just in data processing. Validity is generally regarded as credibility of procedures…" Die navorser het alle prosedures en beplanning wat sy volg deeglik in haar verslag regverdig om geldigheid te verseker.

3.5.3 Betroubaarheid

Henning (1995:33) se sienswyse dat kwalitatiewe navorsing deur wetenskaplikes as “soft in the areas of validity and generalisability” beskou word, dra daartoe by dat die betroubaarheid van bevindinge bevraagteken word. Plug et al (1993:42) omskryf betroubaarheid soos volg: “Die betroubaarheid van ‘n meetinstrument, meetprosedure of stel waarnemings wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry as die metings op identiese wyse herhaal sou word ... anders gestel, die mate van afwesigheid van ewekansige foute of foutvariansie”.

Die navorser is van mening dat in die lig van bogenoemde vereiste van betroubaarheid van verkreë data, en die moontlikheid van veralgemening, ‘n grondige literatuurstudie

nodig is voordat enige empiriese navorsing geloods word. Volgens Westbrook (1994:249) is die doel in kwalitatiewe navorsing om die verskynsel of situasie onder bespreking te begryp en nie om dit te beheer of te kwantifiseer nie. Met die empiriese navorsing wat beplan word, is die navorser van voorneme om die data wat ingewin word met reeds bestaande literatuur te vergelyk. In hierdie navorsing sal elke onderhoud met moeders van ATHV-lyers vanaf oudiobande getranskribeer word en deur ‘n proses van kodering in betekenisvolle temas gegroepeer word. Hierdie proses van kodering in betekenisvolle temas is in meer besonderhede in afdeling 3.4.3.5 bespreek.

Die navorser het tydens hierdie studie betroubaarheid bewerkstellig deur aandag te skenk aan die volgende:

- ‘n Literatuurstudie oor ATHV is onderneem
- Die doel van die navorsing is duidelik aan die proefpersone gestel, naamlik dat die fokus op die belewing van die moeder van haar ATHV-kind is
- Die onderhoude is op oudiokasset opgeneem om te verseker dat waardevolle inligting nie verlore gaan nie.
- ‘n Mede-kodeerder is versoek om onafhanklik en objektief die getranskribeerde onderhoude te kodeer in betekenisvolle eenhede

Faktore wat in ag geneem moet word om geldigheid en betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verseker, is bondig toegelig deur die navorser. In die eerste gedeelte van hoofstuk 3 is die navorsingsontwerp breedvoerig bespreek. Die navorser motiveer waarom sy van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik maak. Sy gee ook ‘n omskrywing van die werkswyse wat sy gevolg het, asook van die wyse waarop sy haar data verkry het deur gebruik van ‘n lys vrae, deelnemende waarneming en onderhoudvoering. Aangesien daar beperkinge aan kwalitatiewe navorsing verbonde is en die geldigheid en betroubaarheid van bevindinge soms bevraagteken word, is daaraan ook aandag geskenk. Die navorser besef dat die aantal proefpersone wat sy gebruik (sewe moeders van ATHV-lyers) beperk is en dat sy nie veralgemenings kan maak nie.

Na die voorafgaande bespreking van die metodes wat tydens die empiriese navorsing gebruik is, kan daar na ‘n bespreking van die navorsingsbevindinge oorgegaan word.

3.6 BEVINDINGE EN DIE BESPREKING VAN BEVINDINGE

3.6.1 Inleiding

In hierdie afdeling word verslag gedoen van die bevindinge van die empiriese navorsing oor die belewenisse van moeders van ATHV-lyers. Sewe moeders van ATHV-lyers het aan die ondersoek deelgeneem. ‘n Kort biografiese vraelys oor die ATHV-lyer is vóór die aanvang van die eerste ongestruktureerde onderhoud deur die moeder voltooi, waarna die navorser oop-einde vrae aan die moeder gestel het, met betrekking tot die moeder se belewenis van haar ATHV-kind, vanaf geboorte tot op datum. In die volgende afdelings sal die navorser ‘n omskrywing gee van die onderhoude wat sy met die sewe moeders gevoer het, asook ‘n bespreking van die bevindinge wat dit opgelewer het.

3.6.2 Profiel van die steekproef

‘n Totaal van sewe moeders van ATHV-lyers (dus indirek sewe gesinne) is genader om aan hierdie navorsingsprojek deel te neem. Hierdie moeders is telefonies genader nadat die sameroepster van ‘n ATHV-ondersteuningsgroep vir ouers aan ‘n plaaslike primêre skool hul name en telefoonnommers beskikbaar gestel het. Die kriteria vir deelname is dat die ATHV-lyers primêre skoolleerders tussen die ouderdomme van sewe en 13 jaar is en dat hulle sedert geboorte by albei ouers gewoon het. Die sewe gesinne is dus volledig, dit wil sê die ouers van die ATHV-lyer is nie geskei nie. Die navorser het tydens haar literatuurstudie bevind dat die biologiese ouers van ATHV-lyers driemaal meer waarskynlik as ouers van kinders sonder ATHV skei (54% versus 15%). Die ATHV-lyers is almal seuns in hierdie navorsing.

Die vrae wat tydens die onderhoudvoering aan die proefpersone gestel is, het gefokus op hul belewenisse ten opsigte van daaglikse interaksie met hul ATHV-kind. Die navorser het ook ten doel gehad om insae te kry in die moeders se waarneming en belewenis van hul ATHV-kind in verskillende omgewings, byvoorbeeld tuis en by die skool, asook in hul omgang met ander persone soos die vader van die ATHV-lyer, sibbe, portuurgroep, onderwysers en ander volwassenes.

Al die moeders is werkend, hetsy vanuit die huis of by ‘n instansie. Die meeste onderhoude is gevoer by die proefpersone se huise in tye wanneer die ATHV-kinders nie tuis was nie. Die navorser het twee onderhoude met moeder C by haar werk gevoer. Moeder G woon buite die dorp en dit was meer prakties vir haar om smiddae na werk by die navorser se huis die onderhoude te voer.

Die biografiese data van die sewe proefpersone waaruit die steekproef bestaan verskyn in tabelvorm hieronder. Vir die doeleindes van vertroulikheid word die name van die proefpersone nie genoem nie, en daar word na die proefpersone verwys as moeder A, B, C, ensovoorts.

Tabel met biografiese inligting van die proefpersone:

Moeder van ATHV-lyer	Ouderdom van moeder	Aantal jare getroud	Ouderdom van ATHV-lyer	Graad op skool	Ordinale posisie in gesin van ATHV-lyer	Ouderdom van broer(s) /suster(s)	Primêre simptome van ATHV
A	42	17	13	7	1/2 (Oudste van twee)	Suster 11	Aandagtekort Impulsief
B	49	16	12	6	2/3 Tweede oudste van drie)	Broer 21 Broer 11	Aandagtekort Impulsief
C	49	28	11	5	1/1 (Enigste kind)	-	Aandagtekort Hiperaktief Impulsief
D	41	19	9	3	1/1 (Enigste kind)	-	Aandagtekort Hiperaktief Impulsief
E	40	16	9	3	4/4 (Jongste van vier)	Broer 18 Tweeling-broers 11	Aandagtekort Hiperaktief Impulsief
F	35	12	8	2	1/1	-	Aandagtekort Impulsief
G	36	13	7	1	2/2 (Jongste van twee)	Broer 10	Aandagtekort Impulsief

Vervolgens sal daar stilgestaan word by die onderhoude met elke proefpersoon. Die doel van die ondersoek is om ondersoek in te stel na die aard van elke moeder se belewenis van haar ATHV-kind. Die navorser het van ongestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak om die moeder die geleentheid te gee om haar gedagtes vryelik uit te spreek. Die navorser het deur deelnemende waarneming die proefpersoon se mededeling gevolg, soms herfraseer of verbandhoudende vrae gestel om rigting aan die onderhoud te bied. Al die moeders woon kwartaalliks die ATHV-ondersteuningsgroep se inligtingbyeenkomste by. Die navorser het bevind dat die moeders almal die behoefte gehad om met ‘n professionele persoon oor hul ATHV-kind te praat. Slegs moeder C het genoem dat haar eggenote bedenkinge geopper het dat die inligting nie vertroulik hanteer sou word nie. Die navorser het moeder C verseker van die vertroulikheid van die data deurdat die proefpersone anoniem bly en dat slegs temas uit die onderhoude aangespreek word.

3.6.3 Onderhoudvoering met moeders van ATHV-lyers

3.6.3.1 Inleiding

Na twee ongestruktureerde onderhoude met elke moeder van ‘n ATHV-leerder is ‘n spesifieke patroon opgemerk in die response van die proefpersone. Die volgende temas het herhaaldelik by die meeste moeders van ATHV-leerders na vore getree:

- Simptome van die ATHV-lyer
- Die moeder se daaglikse belewing van en aanpassing by haar ATHV-kind
- Die rol van die vader van ‘n ATHV-leerder
- Die ATHV-lyer se verhouding met sy sibbe, portuurgroep en ander volwassenes
- Die moeder se belewenis van die skool, die onderwyser(es) en skoolhuiswerk
- Die invloed van medikasie (Ritalin) op die ATHV-lyer
- Die rol en waarde van ‘n ATHV-ondersteuningsgroep vir ouers

Vervolgens sal kort illustrerende uittreksels van bogenoemde temas ten opsigte van elke moeder afsonderlik aangehaal word voordat die bevindinge geïntegreerd deur die navorser weergegee word. Vir die doeleindes van vertroulikheid word die name van persone en instansies nie genoem nie en word aangedui met --- óf ‘n bondige

omskrywing byvoorbeeld my ATHV-kind. Die volledige onderhoude is beskikbaar vir insae.

3.6.3.2 ATHV-simptome en die ATHV-lyer

Die drie primêre simptome van ATHV, naamlik aandagtekort, hiperaktiwiteit en impulsiwiteit gee aanleiding tot sekondêre probleme soos akademiese, emosionele en gedragsprobleme. Dit manifesteer in die vorm van leerversteurings, 'n swak selfbeeld, angstigheid, depressie, aggressie en probleme met sosiale verhoudings. Die navorser het ook opgemerk dat moeders B, C, D en E oormatige sensitiwiteit vir lawaai by hul ATHV-kind vermeld het.

Die navorser gaan vervolgens bondige uittreksels van bogenoemde tema, naamlik simptome van die ATHV-lyer, soos deur elke moeder afsonderlik aangedui, aanhaal:

Moeder A: *Sy hele graad 4-jaar het hy nie 'n boek gelees nie, want hy kon nie! Ek het alles vir hom gelees. Die tyd en pas was te vinnig. Ook het die sielkundige vir my gesê hy is twee jaar agter. Nou moet jy weet hy is op 'n graad 2-vlak. So dit was ons jaar van hel. Ek voel vandag nog steeds dat as sulke kinders nie vinnig opgetel word nie, is hul aanpassing van graad 3 tot 4 geweldig groot. Hulle sê vir jou in graad 3: "Toemaar, hy hoef net sy Afrikaans en Engels te lees en sommetjies te kan doen." En dan kom hy in graad 4 en dan is al die inhoudsvakke daar. Hy kan nie vinnig genoeg lees nie. Hy kan nie met begrip lees nie. So, dit is nag!*

Moeder B: *Hy onttrek hom heeltemal. Hy is te bang om te waag dat hy kan misluk. So onttrek hy hom van alles. Hy is doodstil, hy praat nie by die skool nie. Hy is ook nie vreeslik sosiaal nie. Ek weet nie of my kind anders as ander ATHV-kinders is nie. Hy stel vir homself geweldige hoë eise. Hy meet hom voortdurend aan ander. So, hy kan nie by daardie eise uitkom nie. Inherent raak hy baie ongelukkig. Die rede waarom ons hom by 'n sielkundige gehad het, was glad nie oor sy aandagafleibaarheid nie. Ons het geweet daar is fout, maar niemand het ooit met ons saamgestem daaroor nie. Die rede waarom hy by die sielkundige was, was omdat ek agtergekom het my kind raak depressief. Hy is ontevrede met homself. Sy selfbeeld was iets verskriklik gewees. Hy het byvoorbeeld vir die sielkundige 'n prentjie geteken van sy huisgesin. Toe vra sy vir hom ... hy het iets vergeet. Toe sê hy nee hy is klaar. Toe sê sy hy het nie homself*

geteken nie. Toe sê hy: "Nee, ek pas nie daar in nie, want ek is nie so goed soos hulle nie."

Moeder C: *Hy sal sommer begin huil ... hy het baie keer. Hy doen dit nie meer nie. Graad 3 het hy baie keer vir homself gesê : "Ek is dom, ek is stupid." En dan homself teen sy kop geklap. Dan sê ek vir hom: "Jy is nie, jy doen baie ander goed reg", want hy sukkel nie met die akademie nie ... verstaan ... hy sukkel regtig nie akademies nie.*

Moeder C: *Hy is tassensitief. Hy het nie gehou van klere aanhê nie. Van kleins af het hy sommer sy klere uitgetrek. As ons hom mooi aantrek as ons dorp toe gaan en hy is op die agterste sitplek ... as ons in die dorp kom, het hy net sy doek aan. Dan het hy als uitgetrek ...*

Navorser: *Hmm, jy noem dat hy ook baie sensitief is vir ...*

Moeder C: *Ja, ja. Sekere goed, verstaan hy speel nie gewone musiek hard nie. Hy speel nie die TV hard nie. As die kinders baie raas in die klas verstaan, pla dit hom. Hy sê hulle maak hom mal. Dit pla hom. Hy sal definitief sê hulle maak my mal en hy sal sy kop vasgryp en hy sê, weet, dit pla vir hom.*

Moeder D: *Die juffrou sal 'n vraag vra en hy sal onmiddellik die antwoord uitskree. Hy sal nie sy hand opsteek en as hy iets wil sê, sal hy dit ook dadelik sê. Hy dink nie voor hy sê nie en, jy weet, hy, ek weet nie, ek kan nie sê hy doen gevaarlike goed nie, maar jy weet dit is altyd die gevaarlikste plekke klim hy op en sonder om te dink wat kan gebeur as hy daar opklim. Hy doen soos wat hy nou voel. Ek is nogal bekommerd daaroor, jy weet ... ek wonder net in die toekoms hoe gaan dit hom beïnvloed? Wat gaan dit veroorsaak?*

Moeder E: *Dis in hierdie jaar ... in die eerste kwartaal (van graad 3) het ek net besef "I'm fighting a losing battle", ek kom nie voor nie. Hy ken nog steeds nie sy klanke nie, hy kan nog steeds nie lees nie, hy rebelleer nog steeds teen die skool en hy toon aggressie. Hy het hierdie woede in hom wat net moet uit en hy "fight" sommer met enige ou wat verby kom as hy nou in die "mood" is om te "fight".*

Moeder F: *Hy was wonderlik dierbaar soet gewees. Almal was altyd jaloers op my wonderlike kind. Tot en met 9 maande toe hy begin kruip, toe is dit nag! Toe haal hy alles in, jy weet, verskriklik, uhm, bedrywig. Dit was vir my normaal dat hy so woelig is. Mense het altyd vir my gesê hulle verstaan hoekom ek net een kind wil hê, want as hulle eerste kind so woelig was, dan sou hulle beslis ook net wou een kind gehad het ... Ek moes hom gedurig dophou. Ek kan nie hom byvoorbeeld alleen los en so nie, want hy, hy is te wild. Hy is rof en hy gaan aan met die goeters. Hy kan dalk gevaarlike goed gedoen.*

Moeder G: *Die spelling in die begin was glad nie goed nie. Uhm, hy was maar redelik agter, weet, tot hy basies begin gaan het vir die ekstra klasse by die arbeidsterapeut en totdat hy op die ou einde op Ritalin gegaan het, het dit van daar af definitief verbeter. Ek dink as ons nou nie die roete gegaan het nie, sou hy seker maar volgende jaar weer in graad 1 moes sit, uhm, maar dit het baie verbeter. Party van die letters skryf hy verkeerdom, daai tipe van ding, maar dit is nou maar natuurlik op hierdie ouderdom, maar dit het al baie bygekom teenoor die begin van die jaar ... Sy handskrif dis nog maar baie lelik* [moeder lag]. *Uhm, as hy nou 'n woord skryf, sal die letters baie wyd uitmekaar wees, dan moet ek vir hom sê: "Luister, dis een woord. Sit die letters bymekaar en dan maak jy 'n spasie voor jou volgende woord begin." Hy sal alles amper in een skryf, weet, al die spasies dieselfde.*

Uit die voorafgaande uittreksels uit onderhoude met moeders van ATHV-leerders kan die gedrag van die ATHV-leerder as 'n stressor beskou word waarby die moeder moet aanpas. Dit sluit aan by die navorser se navorsingsdoelstelling om ondersoek in te stel na die wyse waarop spesifieke lewensstressors soos ouersorg aan 'n kind met ATHV (as voorspeller) die sielkundige nood (as 'n uitkoms) van die moeder beïnvloed.

3.6.3.3 Die moeder se daaglikse belewing van en aanpassing by haar ATHV-kind

Tydens haar betrokkenheid by haar ATHV-kind beleef die moeder 'n bepaalde belewing wat wissel op 'n kontinuum van aangenaam tot onaangenaam. Die moeder se belewinge is hoogs persoonlik en is haar eie individuele, unieke belewing van byvoorbeeld frustrasie, angs, woede, mislukking en gevoelens van verwerping (Du Toit & Jacobs 1996:20). Louw en Edwards (1993:486-487) voer aan dat 'n emosie 'n reaksie op 'n ontlokkende stimulus is en die volgende komponente insluit:

- ‘n fisiologiese komponent
- ‘n gedrags- of uitdrukkingskomponent, en
- ‘n kognitiewe komponent

In die konteks van hierdie navorsing is die volgende aspekte betrokke by die belewing van emosies deur die moeder:

- reaksies van die moeder op haar ATHV-kind se gedrag.
- aksies van die sentrale senuweestelsel, gevolg deur spesifieke fisiologiese veranderinge by die moeder van die ATHV-kind.
- waarneembare veranderinge van die moeder se gesigsuitdrukking, liggaam, stem of optrede wat emosionele toestande vergesel.
- belewinge (die moeder se waarneming en interpretasie van haar emosionele toestand en die uitdrukking daarvan). Louw en Edwards (1993:493-494) kom tot die gevolgtrekking dat die moeder se emosionele reaksie afhanklik is van haar waarneming, oordeel, oortuiging en gevolgtrekking van ‘n spesifieke situasie. Wanneer ‘n persoon iets positief bereik, is sy emosies ook positief, byvoorbeeld blydskap, opgewondenheid, liefde en hoop. Wanneer die persoon egter verloor of nie daarin slaag om iets positief te bereik nie, is sy emosies negatief, byvoorbeeld teleurstelling, wanhoop, woede, vrees en afkeer. Wanneer ‘n situasie, in hierdie navorsing die gedrag van die ATHV-leerder, kompleks en moeilik is om te interpreteer en te hanteer, kan die moeder se belewing van emosies varieer. Teenstrydige emosies kan selfs gelyktydig beleef word deur die moeder van die ATHV-kind.

Bondige uittreksels van bogenoemde tema, naamlik die moeder se daaglikse belewing van, en aanpassing by haar ATHV-kind, soos deur elke moeder aangedui, word vervolgens aangehaal.

Moeder A: *Hy is nou in ‘n tienerstadium so … dit is ma en seun teen mekaar. In standerd 3 (graad 5) toe sit ons hom op Ritalin nadat ek daai jaar deur gebid en geswoeg het. Ek het ‘n artikel gelees in die Sarie “Help my kind veroorsaak chaos”, nie dat hy chaos veroorsaak het nie. Adri van der Walt het daarin ‘n stukkie oor Ritalin geskryf. Desember … voor die skool gesluit het, het ek besluit ek gaan haar sien. Ek het ‘n afspraak gemaak vir Januarie. Toe gaan ek na haar toe. Sy sit hom dadelik op Ritalin. Daar was definitief ‘n verandering. Hy is gefokus in die klas. Hy bring werk huis toe omdat hy nie klaar maak nie. Hy weet Ma sal hom help. Jy doen dit nou maar*

om hom te help. So jy raak 'n vreeslike kruk. Ek is nou maar een van daardie ma's omdat ek nie wil hê hy moet seerkry en sukkel nie. My hart breek omdat hy harder werk as ander kinders. Hy moes graad 5, standerd 3, 'n maand voor die eksamen begin leer. Dit is kwaai. Hy moet leer oor naweke en sy maats speel op die veld.

Navorser: *As jy nou terugkyk op jou lewe saam met hom tot dusver, is daar iets wat jy sou wou verander, behalwe nou die probleme as sulks. Miskien die dinge wat jy gedoen het, gesê het, wat jy voel jy kon anders gedoen het?*

Moeder A: *Eerstens dink ek moes ons die probleem in graad 2 ... moes die skool vir my gesê het. Dis my oudste kind. Ek het geen voorbeeld om volgens te gaan nie. My paadjie moet ek alleen kap, uhm, die skool kon vir my gesê het. "Okay" hulle het vir my gesê hier is 'n probleem. Hier (by die skool) is 'n remediêrende juffrou. Die remediêrende onderwyseres moes geweet het dis meer ernstig, identifiseer die ding as aandagafleibaar! Nie net vir my sê my kind het 'n leesprobleem en 'n leerprobleem nie. Wat weet ek van aandagafleibaar? Ek het geweet jy kry hiperaktiewe kinders, maar aandagafleibare kinders?*

Moeder B: *Weet jy, aan die begin was dit vir my 'n aanpassing omdat ek 'n geordende, amper perfeksionistiese onderwyseres is. Alles is reg as dit kom by werk, perfekheid. Ek kon dit nie aanvaar nie. Hoekom my kind? Waar het dit nou verkeerd gegaan?*

Navorser: *Het jy aanvanklik gedink die fout lê by jou?*

Moeder B: *Ja. Beslis. Jy soek dadelik die fout by jou. Het ek hom te min gestimuleer toe hy klein was? Jy gaan dadelik deur daai fase van selfondersoek. Dan raak jy gefrustreerd omdat jy besef dat daar iets fout is met jou kind. Dit is vir my die moeilikste ding. Niemand anders sien dit nie. Almal sê vir jou: Moenie jou bekommer nie.*

Navorser: *Voel jy partykeer of jy 'n breek nodig het?*

Moeder B: *Baie. Baie. Jy kom … hmm … op die punt waar jy voel jy dink heeldag vir hom. Jy dink: Het hy al sy goed ingepak? Ek loop so deur die huis dan sê ek: "Het jy dit gedoen? Waar is jou kosblik? Waar is jou huiswerkboek? Is jou toets geteken?" Ek is soos een wat so 'n rympie maar sê. " Het jy jou L.O.-klere?" Meeste van die tyd*

het hy dit gedoen, maar as jy dit nie sê nie, dan het dit dalk agtergebly. So betrokke is ek by sy menswees ...

Moeder C: *Ek wil nie net 'n ma wees nie. Ek wil 'n maat wees en ek dink my kind ondervind dit so. Partykeer as daar so … as daar druk kom en ons verstaan nie mekaar nie en ons bots, dan dink jy in die aande: "Wat het ek verkeerd gedoen? Wat kan ek beter doen?" Dan gaan jy maar op jou knieë en jy bid daaroor, en jy sê help, gee vir my genade, uhm, want ek glo dit is waar my krag lê. Dit is in jou geloof lê jou krag en dan ook in die feit dat jy lief is vir jou kind. Al stry ons en ons baklei, uhm ek kom vreeslik op vir my kind, ek "cover" vir hom. Dis miskien baie verkeerd en gee moeilikheid met sy pa, maar ek "cover" wat miskien verkeerd is.*

Navorser: *Is daar dinge wat jy anders sou wou doen?*

Moeder C: *Ja, dis baie moeilik om te sê. Jy ... uhm ... partykeer dink ek ek sou nie wou werk nie, dat ek nog meer tyd saam met hom kan deurbring, maar vandag se lewe is dit so, mens moet maar basies werk. So ons probeer soveel as moontlik van die sport en die goeters saam met hom deurbring, uhm, maar nee, weet jy ek dink nie so nie. Ek is tevrede. 'n Ou wil altyd verbeter en dinge nog beter hê, maar jy kan, ek kan nie sy persoonlikheid verander nie en ek kan nie my persoonlikheid verander nie. Hy is 'n mens in sy eie en ek is 'n mens op my eie. En so moet 'n mens dit maar aanvaar en daarmee van die beste maak . Uhm, so ek gaan nie hom wil verander nie. Ek wil nie sy persoonlikheid onderdruk nie.*

Moeder D: *Hy was 'n koliekbaba en het sy kop gestamp wanneer hy gaan slaap het. Hy was 'n woelige kleuter, maar ek het nie vermoed dat iets verkeerd is vóór graad 1 toe sy onderwyseres ons as ouers ingelig het nie. Ek was verward omdat ek nog nie klagtes voorheen ontvang het nie.*

Moeder D: *Jy besef hulle kan nie eintlik help daarvoor nie. Van kleintyd af, as hy gaan lê, dan kap hy sy kop so* [wys kopbeweging] *totdat hy slaap. Hy doen dit partykeer nou nog. In die motor kan jy voel hoe ruk dit. Dit irriteer my verskriklik, dan sê ek: "Hou op! Moenie kap nie!" Dan sit hy twee minute stil, dan begin hy weer. Dan wonder ek baie keer of hy nie moedswillig is nie. Dit voel baie keer vir my asof hy my uitlok. Jy weet?*

Moeder E: *Hy het gekruip, hy het geloop op sy tyd, hy het gepraat op sy tyd, baie lewendige kind, uhm, goed geslaap, baie vriendelik, glad nie humeurig of huilerig of buierig nie. As jy by hom in die kamer gekom het soggens, het hy gelag. Hy was absoluut 'n fees van 'n kind en daarom het ek gedink hier kom my fees nou.*

Navorser: *Hy is jou laaste kind?*

Moeder E: *Hy is my laaste kind. Met die tweeling was my hande maar baie vol, so ek het nie regtig daai tyd gehad om aan hulle te spandeer soos wat ek dit wil gehad het nie en ek het hom só geniet en gedink hy sal vlieënde vaandels deur die skool gaan, want hy is geweldig skerp, snap vinnig, doen goed, na-aap die ander. Hy wil alles self doen, uhm, geen teken van enige probleme van enige aard nie. Hy was 'n baie gesonde kind, nie siektes en koliek, niks van dit nie.*

Moeder E: *Uhm, daar's goed wat 'n mens net te veel beklemtoon. Hy het vir my geleer die lewe is 'n fees. Dit is wat jy daarvan maak. Geniet dit en ek besef eintlik nou dat ek was dood* [moeder bewoë] *toe daardie kind so gesukkel het. Ek was dood in myself. Ek was nie daar vir die ander kinders nie.*

Navorser: *Hoekom sê jy jy was dood?*

Moeder E: *Ek dink die spanning en die bekommernis het my so opgeëet dat ek nie daar was vir my ander kinders nie. Dit wat hulle moes deurmaak met my wat so stoei met hierdie kind vorentoe en agtertoe. Ek het slapelose nagte gehad.*

Navorser: *Wanneer spesifiek het jy slapelose nagte beleef?*

Moeder E: *Spesifiek toe hy skool toe was, was vir my absolute hel. Elke môre se stoei en jy weet nie waarheen jy gaan nie. Ek meen, ek het gebid en gesê: "Here, ek weet nie. Ek weet nie waar die antwoord lê nie, maar ek weet iets is verkeerd" en ek sal 'n honderd maal sê: "Mammas jou sewende sintuig sê vir jou!" My man het gesê: "Jy huil te veel, moenie jou so ontstel nie." Ek het by hom gehuil en gesê: "Ek het nie raad nie. Hoe kan hierdie kind so sukkel? Iewers is daai legkaart. Hoe kan ons so sukkel?" Met sy grootwordproses was niks verkeerd nie. Hier kom hy in die skool. Ek het gedink hy gaan 'n piekniek hê. En hier sit ek met 'n kind wat nie wil skooltoe gaan nie, dis nie*

lekker nie. Hy kerm. Hy dink al wat 'n siekte is uit. Hy is net onplesierig. Hy was hierdie lieflike "chirpy" sonskynkind. Waar gaan ek verkeerd? Waar begin soek jy?

Moeder E: *Ek sit elke dag met hierdie kind. Ek kom al so 'n lang pad met die kind en ek sien net ek boer agteruit. Ek boer nie vorentoe nie. En dit was vir my 'n bewys toe daai vrou (sielkundige) sê hy is twee jaar agter met sy lees dat ek, ek boer nie vorentoe nie.*

Navorser: *Wat het jou tot die punt (aanvaarding) gebring? Wat het die insig gegee?*

Moeder E: *My ma het vir my gesê: My kind as hy eers in die Paarlskool is en jy sien hy gaan goed aan en hy is gelukkig, gaan jy vrede hê. En dit is so. Nou wat ek sien, ek het 'n rapport gekry, ek het al die terugvoering, die boeke, ek sien sy boeke, die wiskunde is baie goed, van sy speltoetse kry hy 12 uit 12. In die begin van die kwartaal, die begin toe hy soontoe was, nul uit 12, so ek kan sien aan sy vordering. Baie mammas kom na my toe en sê jou kind lyk so gelukkig. Toe sê ek: "Hy is gelukkig. Hy is 'n 'jumping jack', hy borrel, hy praat!"* [Moeder straal van opgewondenheid].

Navorser: *So hy is weer soos hy was vóór skool?*

Moeder E: *Sy óú self en ek was altyd die een wat gesê het hy was hierdie lieflike baba wat altyd gelag het. Hy was bedrywig en aan die gang. Hy was 'n mooi kind. Dit is soos ek vir jou sê, ek hoop nie ooit iets gebeur wat ooit hierdie kind se spoed breek nie. Hy is so 'n vreugde, hy's so 'n inspirasie. Hy soek altyd die lekker en die mooi en hy het so 'n lus vir die lewe.*

Navorser: *As jy alles weer kon oorhê, sou jy iets anders gedoen het, dit anders benader het?*

Moeder E: *Nee, behalwe dat as ek dit kan oordoen, sou ek dit gouer gedoen het. Ek sou vinniger reageer het daarop dat ek bekommerd is oor die kind en nou werk maak daarvan. Ek dink ek het 'n bietjie te lank geweet daar is fout, maar ons kyk, maar ons byt nog maar bietjie vas. Verder sou ek dit gedoen het soos wat ek dit doen. Ek het moeite gedoen om uit te vind waar om te begin en ek het daarvolgens dadelik*

gereageer. So ek kan nie dink dat ek dit anders sou wou doen nie. Ek dink ek het by die regte plek begin.

Moeder F: *My selfbeeld was ... ek het nooit gedink dis my skuld nie. Ek was net "embarrassed" as iemand hom vra om te kom speel of so. Dan was my senuwees klaar, want wat gaan die kind doen? Niemand wil vir my sê nie, maar ek kom agter aan sekere goed die kind was stout as hulle hom terugbring.*

Moeder F: *Ek sal 'n "fool" maak van myself om my kind te beskerm. Eenkeer het kindertjies hom geterg omdat hy hakkel. 'n Ander kind kom sê toe vir my hulle terg vir hom omdat hy hakkel. Ek sal byvoorbeeld niks daarvan dink om 'n ding te vat waarmee ek kan pakgee nie. Toe stap ek hierop* [wys in straat se rigting] *en as die kindertjies nie weggery het nie, het ek hulle pak gegee.*

Moeder G: *Ek dink dit was vir ons 'n aanpassing in die sin dat ons dit moes aanvaar, jy weet. Dat jy nou meer aandag moet gee in die sin, kyk elke aand dat die huiswerk gedoen is, want partykeer is dit so 'n "rush" jy weet. Jy kom huistoe, jou kinders moet bad, jy moet kos maak, hulle moet eet en dan is dit 8-uur. Hulle moet 8-uur gaan slaap, half-9 op die laatste. So hulle het 'n roetine. Om 'n beter roetine te maak vir by die huis, want hulle sê kinders op dié medikasie of kinders met dié probleem moet so veel as moontlik in 'n roetine wees. So net om ons roetine by die huis 'n bietjie meer gestruktureerd te maak, was ook 'n bietjie van 'n aanpassing, maar andersins was daar nie "major issues" nie, jy weet. Ek dink die grootste "issue" was dat ons as ouers dit moes aanvaar, dat hy nou ewe skielik in graad 1 'n probleem het. Dit was moeilik vir ons te aanvaar omdat hulle dit nie vroeër opgetel het nie. Die vraag was maar hoekom het sy dit nou eers opgetel? Uhm, ja.*

3.6.3.4 Die rol van die vader van 'n ATHV-leerder

Moeders A, B, E, F en G noem dat die ATHV moontlik oorgeërf is van die vader alhoewel dit nie by die vaders as kind gediagnoseer was nie. Die moeders maak almal staat op die steun van hul eggenote in die hantering van hul ATHV-kinders, veral moeder E, wat vier seuns het. Die moeders is egter die primêre versorgers van hul ATHV-kinders en spandeer meer tyd saam met hul kinders. Die moeder rig dus meer versoeke aan haar ATHV-kind as die vader. Sy sal waarskynlik meer dwingend raak as

die kind nie gehoor gee aan haar instruksies nie. Hierdie konstante konflik en stryd wat oor tyd voorkom, kan lei tot negatiwiteit tussen die moeder en haar ATHV-kind. Al moeders meld ‘n mate van negatiewe interaksie tussen hulself en hul ATHV-kind by onder andere die neem van medikasie soggens, skoolhuiswerk afhandel en sosiale gebeure. Moeders C en E het vermeld dat hul ATHV-kind vinniger gehoor gee as die vader praat, terwyl moeders A, B, D, F en G rapporteer dat die vaders se toenemende begrip van die simptome en gevolge van ATHV tot gevolg gehad het dat hul optrede teenoor die kind positief verander het. Die vader se fisieke grootte kan ook die kind intimideer en dus ‘n bydraende faktor wees om meer samewerking van die ATHV-kind te verkry.

Daar word vervolgens enkele uittreksels aangehaal van bogenoemde tema, naamlik die rol van die vader van ‘n ATHV-leerder, soos deur elke moeder afsonderlik verstrek.

Navorser: *Hoe is sy verhouding met sy pa?*

Moeder A: *Dit is goed. My kind se storie is half oorerflik. Sy pa is ... in daai tyd was daar nie ADD nie. Jou kind het net swak presteer en dan het jy hom teruggehou. So dit is deels oorerflik. My eggenoot het saam met my skool toe gegaan in standerd 2 en gesê: “Vrou, dit is asof ek myself sien!”*

Moeder A: *En nou nog … as ek raas en skel, dan keer hy my, maar hy sit ook agter my, want hy weet die kind moet leer. Dit is nie vir “ag los maar” nie. Hy verstaan waar dit vandaan kom. Hulle het baie tyd saam. Hulle doen 4X4’ s, pa en seun ... Sesuur in die oggend sê my man: “Kom jy saam?” My kind is moeg, maar hy gaan. Ek is baie dankbaar daarvoor.*

Moeder B: *Baie goed. Hulle twee is regtig baie na aan mekaar. Sy pa is rustiger. Sy persoonlikheid en sy temperament is ook anders as myne. Sy pa se begrip vir hom is soveel beter omdat nou dat ons die kennis en insig het, kom ons agter dat Pa ADD is. Daai ding kom saam uit sy kinderjare uit, maar akademies was hy baie, baie sterk. Miskien is dit nie so erg as wat my ATHV-seun s’n is nie. Daar is verskillende grade. Ek dink tog hy (vader) herken homself in baie fasette en dit maak dat sy begrip vir hom soveel beter is as wat myne is.*

Navorser: *Het jy gevind dat die ATHV 'n effek op julle huwelik gehad het?*

Moeder B: *Weet jy, nee. Inteendeel, dit het ons nader aan mekaar gebring. Ons het saam begin wroeg en stry oor hierdie ding. Ons huwelik is van so 'n aard dat ons maklik oor goed praat. Ons het nie konflik oor kinders se opvoeding nie.*

Moeder C: *Partykeer gaan hy sy sak net neergooi, of sy skoene net neergooi en sy klere net neergooi, en dan gaan ons streng wees en vir hom sê dat hy moet sorg dat die kamer aan die kant moet kom. As sy pa praat, luister hy vinniger, want sy pa is baie streng. Dan sal hy luister en dan sal hy dit doen ... Ons sal koppe stamp. Hy kan nie met sy pa kop stamp nie, want hy is banger vir sy pa* [moeder lag], *sy pa is kwaaier as wat ek is. So hy sal definitief met my kanse vat.*

Navorser: *Jy sê jou man het 'n kalm geaardheid en hy help jou baie in die hantering van jul ATHV-kind. Het jy ooit gevind dat jul ATHV-kind se gedrag 'n negatiewe invloed op julle huwelik het?*

Moeder D: *Ja, weet jy, uhm, as ons byvoorbeeld 'n Sondag sê nou maar* --- [naam van inkopiesentrum] *toe gaan, hy kan verskriklik moeilik raak en vreeslik veeleisend wees, jy weet, en dan kom ek agter ek en my man begin haak en ons begin stry, want dit stres ons altwee, want niemand kry gedoen wat hy wil doen nie, want die kind is so moeilik, jy weet. Dan raak ons so half kwaad vir mekaar, want as ek met hom raas, is dit of my man dalk voel, jy weet, ek is onregverdig en ek dieselfde op die ou end. Nie kwaad nie, maar jy weet, mens voel nie lekker vir mekaar nie.*

Moeder E: *My man is baie, baie betrokke ja. Hy moet net eenvoudig. Ek sê reguit ek kan nie hulle alleen "handle" nie. Ek kan nie. Hulle kry my party dae dat ek huil. Dan kan ek dit net nie meer vat nie. Waar as hy inkom, hulle weet net dis reg of weg vir Pappa. Daar is nie van kanse vat nie. My ma het altyd gesê: "Ag my kind, die kinders is nie meer bang vir jou nie, want jy is heeltyd by hulle." Sy teenwoordigheid tel vir my regtig baie. Hy kan baie vasvat en ek kan vir hom sê: "Nou het ek dit hanteer tot hiertoe. Ek kry nie resultate nie. Dis nou jou 'baba' " en dan moet hy nou maar … en dan hanteer hy dit. Hy gee dan almal pak of dit is 'n straf wat skrik vir niks, maar dan gebeur die dinge.*

Navorser: *Dink jy hy veroorsaak stres in die huwelik met sy gedrag?*

Moeder F: *Ja, dit het, veral in die begin voordat ons geweet het. My man het soort van afgeskeep gevoel omdat ek net die heeltyd aandag op hom* [ATHV-kind] *gevestig het om hom "happy" te hou dat hy nie sy pa kwaad maak nie. Jy weet, dat daar net nie 'n bakleiery in die huis is nie ... Ons gaan eenkeer 'n maand alleen sê nou maar restaurant toe om ons prate te gaan praat. Ons het net besef ons sal so iets moet doen om 'n bietjie privaatheid te hê.*

Navorser: *Hoe is sy verhouding met sy pa?*

Moeder F: *My man is meer ongeduldig as ek. Hy was baie meer. Vandat ons nou meer begrip het vir die kind gaan dit soveel beter.*

Navorser: *So julle vind dat nie een van julle op skool aandagafleibaar was nie?*

Moeder G: *Uhm ja, so miskien is daar iets dat sy pa dit gehad het as kind, maar dis nooit opgetel nie of weet hy is deur die skool. Hy't nie as sulks 'n probleem gehad dat hy op medikasie moes gaan nie of miskien was daar daai dae nie genoeg kennis daarvan nie, jy weet, en die mense het nie daaraan gedink nie, daai tipe van ding.*

Moeder G: *Mans is meer uit die huis uit of myne is* [lag] *of hulle kom later by die huis, uhm, in die aand. Naweke is hy weg vir sport, so ek het meer te doen met die kinders, maar oor die algemeen dink ek hanteer ons die kinders dieselfde. Hy sal ook eers jy weet praat en harder skel en skree en dan sal hy, jy weet, vir hulle pak gee. Uhm, ek dink ek gee eintlik meer pak omdat ek meer betrokke is met hulle, maar die dag as hy nou besluit luister julle kry nou pak en dis die rede, dan doen hy maar dieselfde as ek, jy weet, gaan kamer toe, uhm, en dan sê hy vir hom as hy nou uitkom, dan is dit sy besluit wanneer hy uitkom.*

3.6.3.5 Die ATHV-lyer se verhouding met sy sibbe, portuurgroep en ander volwassenes

Die ATHV-leerder se simptome van aandagtekort, hiperaktiwiteit en impulsiwiteit word dikwels verkeerd verstaan en geïnterpreteer deur individue wat nie die nodige kennis en

insig het nie. Die sibbe van die ATHV-kind, sy portuurgroep en ander volwassenes in die kind se omgewing kan toenemend gefrustreerd en gegrief voel oor die invloed wat die simptome van ATHV op hul lewens en daaglikse bestaan het. Al die moeders in die navorsing het gevind dat hul ATHV-kind sosiale interaksieprobleme ondervind het of nog steeds ondervind.

Die navorser gaan vervolgens bondige uittreksels van bogenoemde tema, naamlik die ATHV-lyer se verhouding met sy sibbe, portuurgroep en ander volwassenes, soos deur die moeders afsonderlik aangedui, aanhaal om die ATHV-lyer se probleme met sosiale verhoudinge te illustreer.

Navorser: *Hoe hanteer sy suster dit* [ATHV*]?*

Moeder A: *Ek het swaar gekry met haar in die sin sy sê ek gee al my aandag aan hom. Dan sê ek: "Dit is onregverdig. Jy kan alleen werk." So ek het min tyd aan haar gegee. Sy is nou in standerd 3 (graad 5). Gister het ek haar gehelp met werk. Waar dit my drie ure, miskien vier sou neem met hom, het dit my 'n halfuur geneem. So sy weet hy het meer leiding nodig as sy.*

Navorser: *Sy aanvaar dit so?*

Moeder A: *Sy aanvaar dit so. Sy raak redelik geïrriteerd met sy impulsiwiteit en stampery. Hulle is aartsvyande, want dit is irriterend.*

Moeder A: *Ag weet jy, dit klink erg, maar die "nice" deeltjies tussenin is "fine" en so aan, maar om so 'n kind op sy pad te hou en hom selfverseker te hou met al die aanslae wat hy kry, is hard, want dit is nie net akademies nie. Dit is sosiaal ook. Hy is nooit deel van 'n groep nie, jy weet. Hy is altyd anders.*

Navorser: *Jy het genoem hy onttrek hom van ander.*

Moeder B: *Hy het nie vreeslik baie maats nie, maar, hmm, amper moet ek vir jou sê oppervlakkig. Daar is nie regtig 'n baie goeie maat wat ek kan sê met wie hy 'n pad loop nie. Dit is eie aan hierdie kinders. Hulle het maar almal daai probleem dat hulle nie so goed bal skop en speel soos die ander nie. En hy is nie "cool" nie.*

Navorser: *En sy verhouding met sy broer?*

Moeder B: *Baie goed. As daar vir 'n toets geleer word, sal hy vir sy broer vra om vrae vir hom te vra. Hulle het altwee hulle eie kamer. Dit was seker ses maande lank dat hy 'n matrassie opgedra het en by sy broer gaan slaap het. Nou het ons maar weer sy bed teruggeskuif.*

Navorser: *Hoe is sy verhouding met sy maats?*

Moeder C: *Nie altyd so goed nie. Hy is populêr, maar ek sal nie 'n maat drie ... vier keer na mekaar by hom laat kom speel nie. Dokter Adri het ook gesê dit moet ook nie lang sessies wees nie en die speel moet ophou terwyl dit nog lekker is, terwyl hulle nog wil speel. So ek probeer om nie die goed altyd uit te rek nie.*

Navorser: *Wat vind plaas as dit uitgerek word?*

Moeder C: *Op 'n stadium, omdat hy baie aktief is, een van die ouers sê hy speel haar kinders uit die grond uit, verstaan? Hy wil bly speel, bly aanhou ... en op 'n stadium raak hulle moeg en hulle wil miskien nie langer speel nie en dan gaan hy vies raak, want hulle wil nie speel en hy wil aktief wees, verstaan? Een of twee keer het maats by hom kom speel. Hy het baie karretjies wat ek gekoop het (ek koop nie nou meer nie). Dan kry hy maats, wat mal is oor hierdie karretjies, en hulle wil daarmee speel, maar hy wil nie daarmee speel nie. Dis vervelig, dis nie iets wat hy fisies kan doen nie. Hy wil fisiese aksie hê. Hy wil met sy liggaam speel daarom laat ek hom soveel as moontlik sport doen.*

Moeder D: *Daar is sekere tye wat hy met sekere kinders speel en dan is dit asof hy heeltemal met hulle breek en dan is hy maats met ander kinders.*

Navorser: *Hmm ...*

Moeder D: *Jy weet, hy is heeltemal 'n ekstrovert, jy weet, hy sukkel nie om maats te maak nie. Hy val enige plek in en hy gaan aan, maar hy is nie ... hy het nie hierdie*

verskriklike vriendskap met een kind wat nou al twee of drie jaar aankom nie. Jy weet dis seker omdat hy so rond en bont speel.

Navorser: *Hoe is sy verhouding met sy broers en* vice versa*?*

Moeder E: *Hy "rule"! As hy gesê het dis soos dit is, dan is dit so. Hy kan leiding neem. Hy neem leiding en sê hier werk dit so en dit is maar soos dit werk.*

Navorser: *Hoe voel die ander daaroor?*

Moeder E: *Hulle vat hom aan! Partykeer raak dit 'n vuisgeveg. Ek hou nie van, ek wil amper sê, ek haat fisiese bakleiery. Dit staan my glad nie aan nie, maar soos my man sê dis seuntjies, jy moet maar partykeer 'n bietjie net jou oë toeknyp en dat hulle mekaar net so effentjies uitsorteer, want daar kan hulle ook weer mekaar op 'n ander manier laat verstaan, soos wat ek 'n ou pakgee weet, hulle dit onder hulle self uitsorteer, maar hy* [ATHV-kind] *werk hulle kerrie hoor. Hy het dit om hulle te swaai dat hulle bietjie na sy pype dans. Ja, hy kan dit doen.*

Moeder F: *Jy weet in graad nul, ag graad een, het ek eintlik agtergekom daar is 'n "moewiese" fout, want ek meen hy was so gewild gewees en ewe skielik soos die jaar aanloop, wil niemand meer met hom speel nie. Hy kom huil-huil by die huis aan. Hy sê vir my niemand wil met hom speel nie. Niemand hou van hom nie. Hy haat homself en hy sê vir my byvoorbeeld, "Mamma ek weet julle is vir my verskriklik lief, maar ek wil nie eintlik meer lewe nie," daai tipe opmerkings.*

Moeder F: *Sy juffrou se opmerking was dat hy baie kwaai is met sy maatjies, met ander woorde as hulle nie dinge doen soos wat hy dit gedoen wil hê nie of as hulle goed doen terwyl hy besig is met iets wat hom nou interesseer, dan sal hy moeilikheid maak en die hele besigheid omvergooi, want dit moet nou by sy dinge inpas.*

Moeder F: *Hy kan glad nie onderskei tussen wanneer hy met 'n groot mens praat of wanneer hy met 'n kind praat nie. As jou seun nie kan kom speel nie en jy sê julle gaan dorp toe, dan sal hy vir jou sê: "Jy is darem 'n onbeskofte tannie, jy lieg vir my hè, jy lieg!" Jy weet sulke goed doen hy.*

Navorser: *Hoe is sy verhouding met sy maats?*

Moeder G: *Ek kom baie keer agter as sy broer gaan uitslaap by 'n maatjie, dan "moan" hy of begin huil omdat hy nie gaan uitslaap nie. Dan sê ek vir hom jy kan gaan uitslaap of maatjies kan hier kom slaap, maar bring die telefoonnommer dan kan ons mos reël dat hulle kom slaap of jy kan uitslaap. Dan kom hy uit nee maar die maatjies is lelik met hom by die skool óf hy het nie maatjies by die skool nie. Tog as ek vir die juffrou vra, dan sê sy hy het nie 'n probleem by die skool nie. So ek weet nou nie of dit net vir aandag is nie. Ek weet self op hierdie stadium nie lekker hoe om dit te hanteer nie ... Sover ek weet het hy nie rêrig 'n spesifieke maatjiie nie. Hy speel nou maar in die groep ... Hy speel wel ook met ouer seuns omdat hy 'n ouer broer het, jy weet, en ouer maatjies kom speel ook en daai tipe van ding. So hy kom goed oor die weg met ouer kinders ook.*

Navorser: *Hoe 'n soort verhouding het hy met sy boetie?*

Moeder G: *Dit kan baie goed wees en ander kere kan hulle baklei soos kat en hond, jy weet.*

In die volgende afdeling gaan die navorser die waarnemings en belewenisse van moeders van ATHV-kinders op skool, aanhaal.

3.6.3.6 Die moeder se belewenis van die skool, die onderwyser(es) en skoolhuiswerk

Die moeder se belewenis van haar ATHV-kind word beïnvloed deur die kind se ouderdom en sy aantal jare op skool, asook die tydperk wat hy reeds medikasie (Ritalin) neem. Moeders C, D, F en G vermeld dat hul ATHV-kind se vroeë diagnose van ATHV, asook geskikte medikasie die akkumulerende effek van ATHV-simptome op skoolwerk teëgewerk het. Moeder E is die enigste moeder in dié navorsing wat haar ATHV-kind in graad 3 na 'n alternatiewe skool geneem het. Moeders A en B se kinders is die oudste leerders in die navorsingsprojek, asook in die ondersteuningsgroep vir ATHV-ouers. Beide moeders was aanvanklik gekant teen die gebruik van Ritalin en het eers homeopatiese en natuurlike middele as 'n alternatief uitgetoets. By moeders A en B het ná hul ATHV-kind se onderskeidelik sesde en sewende skooljaar die behoefte ontstaan

om hulself as ouer te distansieer van sy skoolwerk, om minder betrokke te wees. Hierdie fase van laat vaar die 'goeie einde' word later verder toegelig.

Die navorser gaan vervolgens bondige uittreksels uit die moeders se terugvoer ten opsigte van die tema, naamlik die moeder se belewenis van die skool, die onderwyser(es) en skoolhuiswerk, uitlig.

Moeder A: *Dit is so erg, die kind kom van die skool af, dan is die eerste vrae: "Wat het jy vir huiswerk? Wat is jou toetse?" Jy beplan alles! Sy sport is half-drie miskien of drie-uur. Voor drie-uur, sport, moet hy iets inkry, want sewe-uur beteken hy niks. Sy vlak van sy moegheid. Hulle sê mos hulle* [ATHV-lyers] *se metabolisme is "totally different" omdat daar tekorte is. So na sewe kry jy niks in sy kop nie. My ATHV-kind het altyd agtuur gaan slaap, of ons nou klaar is met sy werk of nie. Dan stel ons maar die wekker vir sesuur. Nou nog, gisteraand skryf hy 'n toets en hy het atletiek vanmiddag. Heel naweek skel ons al, want hy kan begin leer. Die bietjie wat jy kan leer, leer! Ek moet sê dit is emosioneel ontsettend uitputtend.*

Moeder A: *Ek is nou op 'n stadium wat ek nie by die huis bly nie. Ek probeer weggaan en sê: "Hier is jou werk, drink jou medikasie. Jy moet vandag vier ure inkry." Dan sal hy miskien twee ure inkry. Ek probeer my distansieer. Voor die toetsing sal ek vrae vra.*

Navorser: *Wanneer het jy begin om hom te speen?*

Moeder A: *Hmm ... Die meeste spening was hierdie jaar. Verlede jaar het die leer-vakke toe natuurlik bygekom. Ek laat hom leer en dan sal ek hom vra. Ek sê vir hom ek sal hom vra as hy klaar geleer het. Ek leer nie meer fisies saam met hom nie. So 'n kind moet eintlik 'n vraag en 'n antwoord kry. Maar dan wil ek nie alles vir hom opsom nie. Soos gisteraand byvoorbeeld weet ek hy het geleer, maar die tyd is min, toe sit ek maar met hom. Dan skryf ek die vraag neer en sê: "Hier is 'n moontlike antwoord." Dan "highlight" ek die antwoord. So dit is "trial and error" en wat vir jóú basies werk … ja, dit is 'n lang pad …*

Moeder B: *Ek het elke Januarie 'n kol op my maag. Ek moet gaan en sê: "Hier is my kind. Dit en dit het gebeur van geboorte af." Weet jy hoeveel keer het ek al gegaan en 'n leêr met papiere en feite en kennis oor ADHD gaan inhandig? Hier is dit. Lees dit!*

Raak bewus van wat hierdie kinders is en dan ... gebeur dit nog dat hulle vir my kind uitskryfwerk gee!

Navorser: *Hmm ... ek hoor wat jy vir my sê.*

Moeder B: *Jy weet! Hy kan nie eers skryf om 'n taak te doen nie! Wat doen jy aan hom om vir hom uitskryfwerk te gee? Ek is allermins 'n kritiese ouer oor die onderwys-sisteem. Ek was self daar. Ek weet hoe voel dit as almal met jou loop fout soek as onderwyseres. Ons moet die mense meer bewus maak van hierdie situasie van die kinders.*

Navorser: *So die jaar gaan goed aan tot September?*

Moeder B: *Die groot evaluasie kom dan (September). Dit is dan wanneer hierdie goed eers werklik waargeneem word. In die begin van die jaar is die evaluasie oppervlakkig. Dan sê hulle: Daar is nog tyd. Hy sal nog bykom. Ek dink daar is meer insig by die skool op hierdie stadium met die dat ons die ondersteuningsgroep gestig het. En natuurlik hou ek by my punt. Hierdie ding word meer waargeneem waar uitkomsgebaseerde onderwys aan die orde van die dag is. Die aandagafleibaarheidskind kan dit nie hanteer nie. Hulle soek struktuur. Hulle soek orde. Hulle soek 'n absolute definitiewe verloop van die dag. Hulle soek nie groepwerk nie, want wat gaan hulle in die groep maak? Hy gaan terugstaan. Daar is mos vier ander wat dit kan doen. Ek kan in elk geval nie. So hy verdwyn in hierdie opset. En nou kom die onderwyseresse vinnig agter hierdie kind "feature" nie* nou [September-evaluasie] *nie ... Ek wens mens kan op 'n groter spektrum die onderwysers op kursusse stuur hiervoor dat hulle waarneming in die klas net 'n bietjie anders is ... dat hulle meer bewus word van hierdie kinders.*

Navorser: *Jy sê graad 3 was 'n moeilike jaar. Wat het daardie jaar moelik gemaak?*

Moeder C: *Die onderwyseres het hom nie reg hanteer nie. Dit was 'n groot konflik situasie gewees daai jaar. Die onderwyseres het hom nie verstaan nie en baie dae het hy gehuil en uit die klas weggeloop en na my toe gekom. Sy kon hom nie hanteer nie. Hy het baie keer uit die klas geloop en vir haar gesê hy vertrou haar nie. So dit was 'n baie moeilike jaar.*

Moeder C: *Die onderwyseres het aanhoudend na my toe gekom en gesê sy lees goed op die internet ... en sy sien goed in my kind wat sy op die internet sien. Toe sê sy vir my hy ly aan 'n swak selfbeeld en hy ly aan kinderdepressie. Dit was nie vir my aanvaarbaar nie, want 'n kind wat aan depressie ly, gaan in 'n hoekie sit en hy gaan niks verder doen en speel en sosiaal wees nie. Toe het ek na my huisdokter toe gegaan.*

Moeder D: *Ek dink die feit dat hy in graad 2 so 'n wonderlike juffrou gehad het. Sy het absoluut daarop ingegaan om sy selfbeeld op te bou en nooit vir hom afgebreek nie. Sy het plakkers in sy boeke geplak met "Jy is 'n ster!" en al sulke briefies. Ek dink dit het vir hom wondere gedoen. Ek dink dit het baie van die probleme wat daar was, opgelos.*

Moeder E: *Pre-primêr was niks opgetel nie, lekker met die maatjies gekommunikeer, lekker skool toe gegaan. In graad 1 het die dinge begin. Toe wil hy nie skool toe gaan nie. Hy wil nie aantrek nie en in die eerste kwartaal het sy onderwyseres vir my gesê: "Hier is fout met die kind. Hy skryf nie soos wat 'n mens skryf nie. Hy lê en skryf en hou nie sy potlood reg vas nie", so sy armspiere raak geweldig moeg. Hy sal omtrent net een woord skryf, dan is hy moeg en dan bêre hy die boek, dan is hy nou klaar. Toe het ons hom laat toets by 'n arbeidsterapeut en sy sê toe dat hy moet arbeidsterapie kry. Dadelik begin met arbeidsterapie, maar sy onderwyseres het aanhou sê sy is baie bekommerd oor hom. Hy is geweldig intelligent, maar om een of ander rede kan hy nie "cope" met wat hy moet doen nie. Toe het sy agtergekom een-tot-een werk hy wonderlik as sy met hom sit of staan en kyk dat hy dit doen wat hy moet doen. Dan gaan dit nog, maar sodra sy hom los, dan gaan daar niks aan nie. Sy het opgetel hy is geweldig gehoorsensitief.*

Moeder E: *Wat ek ook agtergekom het, is met rukke kan hy lees en dan more kom hy by die huis, maar hy weet nie wat daar staan nie! Dan sê ek vir hom: "Maar hoe is dit moontlik? Jy't dit gister vir my gelees, hierdie sin, hoe kan nie jy dit nie herken nie?" Ek baklei met hom ook, maar omdat ek nou rêrig nie weet wat of waar gaan ek heen nie? Ek meen, ek sit nou met hom, ek moet hom hierdie goed leer en ek weet nie regtig hoe nie! Uhm, ons het baie gestoei en baie gehuil en baie baklei.*

Moeder E: *Toe het ons aansoek gedoen by die Paarlskool. Hy is so vier-vyf weke voor die Junie-vakansie is hy soontoe. Ek hou van die Paarlskool in die sin dat enige intensiewe arbeid soos arbeidsterapie, remediërende lees wat 'n noodsaaklikheid is ... So dit wat hy nodig het, is beskikbaar daar. Hulle toets hom gereeld, jy gaan in en die terapeute sit met jou en hulle sê dit is nou wat ons met hom gedoen het en dit is waar ons nou met hom staan en hulle werk ook aan sy selfbeeld. Hy het gedink hy is 'n nul op 'n kontrak, hy het dit nie. Hy toets bo-begaafd en dit is hoekom ons sal moet werk maak daarvan om hom op 'n plek te kry waar hulle hom kan help. Ek besef vandag dat as jou kind nie met al sy vakke 'n gemiddelde kind is nie, as hy op een vlak 'n uitval het, is daar geen manier wat daar in 'n gewone skool vir so 'n kind voorsiening gemaak word nie. Hulle het net nie die tyd nie, want daar is te veel kinders in die klas en as jy as ouer nie ná skool moeite gaan maak om dit te doen nie en dan is dit ook nog jy kan miskien twee keer 'n week dit inpas, want die kind het sport. Jy wil hom nie als ontneem nie, dan raak dit nogal 'n storie om hom regtig te help dat hy op 'n vlak kom waar hy gaan vorder.*

Moeder E: *Sy ingesteldheid het verander. Sy selfbeeld het verbeter en hy presteer. So daar is 'n 100 persent verbetering as jy dit vergelyk teenoor die (UBO) skool.*
Navorser: *Hmm ...*

Moeder E: *Hy spring op in die oggende. Hy trek hom aan. By die bus soen-groet hy my en hy hardloop. Dis nie 'n kwessie van: "Mamma stap saam met my tot by die klas en wag nou eers tot die klok lui" of enige van dit nie. Hy is "happy go lucky" en voortvarend.*

Moeder F: *Toe gaan hy pre-primer toe. Daar was ek natuurlik in trane, want ek meen, uhm, hy het hoegenaamd nie geluister wat die juffrou sê nie. Hy het net vir haar gesê: "Ek sal nie na jou luister nie, want ek hou nie van jou nie." Dan het hy eenkant gestaan en dan het die juffrou hom gedreig sy gaan hom slaan. Sy sê sy het hom geraps. Sy't met hom geskel. Toe kom sy agter mooipraat werk. Sy het vir my gesê dis die eerste keer in haar lewe dat sy nie 'n kind kan peil nie. Ek het toe natuurlik in trane uitgebars, want ek meen, uhm, 'n vorige keer het ek 'n artikel gelees oor 'n kind wat nie gepeil kon word nie, toe is dit 'n bôggerop van 'n kind. Onmiddellik kom dit toe in my gedagtes en ek huil so dat die vrou my moet troos.*

Moeder F: *As hy besig is met ‘n taak en hy het dit nie voltooi nie en hy moet aangaan na ‘n volgende taak toe, is dit ‘n hele opskudding in daai klas. Hy aanvaar dit nie. Hy wil klaar maak. Hy wil dit nie net so los nie. Hy wil dit klaarmaak en dan huil hy en hy gaan verskriklik te kere, dat sy hom maar gelos het dat hy maar klaarmaak solank hy net nie die ander kinders “upset” nie.*

Moeder G: *Dit was hier so na die einde van die eerste kwartaal het die juffrou vir my gebel en gesê sy wil met my gesels en toe, uhm, laat ons hom toets deur die arbeidsterapeut en toe sê sy daar is definitief tekens dat hy ‘n ADD is. Alhoewel hy woelig is, hy’s nie hiperaktief dat jy hom glad nie kan stil kry nie. As hy nie van iets hou nie, dan gaan hy nie sy aandag daarop vestig nie. Jy weet as juffrou besig is met een of ander som en hy hou nie daarvan nie, sal hy liewer uit die klas uitloop en buite gaan speel. Hy sal homself besig hou. As ‘n klein kind, in graad 1, het ek dit nooit gesien as ‘n probleem nie.*

3.6.3.7 Die invloed van medikasie (Ritalin) op die ATHV-lyer

Slegs moeder D het geen negatiewe gevolge van medikasie (Ritalin) vir haar ATHV-kind gerapporteer nie. Al die ander moeders vermeld dat hul ATHV-kinders se eetlus negatief aangetas is terwyl hulle onder die invloed van die medikasie (Ritalin) is. Soggens vroeg en saans, wanneer die die effek van Ritalin uitgewerk is, kan die ATHV-leerders eet sonder om naar te voel. Moeder B noem selfs dat swak eetlus deur die dag die rede vir haar ATHV-kind se moegheid is, dit wil sê hy neem nie voldoende voedingswaarde (volgens haar) in nie. Moeder F vrees dat haar ATHV-kind se geloof in Ritalin as ‘n “magic pilletjie” moontlik die aanknopingspunt vir latere dwelmverslawing kan wees.

Die navorser lig vervolgens bondige uittreksels uit uit die moeders se sieninge ten opsigte van die tema, naamlik die invloed van medikasie (Ritalin) op die ATHV-lyer.

Moeder A: *So ek voel as ons dalk in graad 2 vir hom op Ritalin gesit het, want soos ek vir jou gesê het in standerd 2 toe sê hulle vir my, my kind is twee jaar agter. Dis baie agter! En so is hy, ek meen, deur al die jare is hy nou agter en hy moet dit probeer inhaal. So dit sou ek graag wou anders gehad het.*

Moeder B: *Hy is nou vanaf Januarie op Ritalin vir die eerste keer. Ons het van graad 3 tot nou met alle homeopatiese metodes probeer, van breingim tot ander kant uit probeer. Dit was alles verniet.*

Navorser: *Het jy weggeskram van Ritalin?*

Moeder B: *Ja, omdat ek soveel negatiewe dinge daaroor gelees het. Ek is soos 'n waansinnige oor my kind op Ritalin. Ek neem hom waar letterlik 24 uur. Ek staan in die nag op en gaan kyk ... Daar is kinders wat rukkings in die nag kry as hulle slaap. Hulle is glad nie rustig nie. Ek moet vir jou sê, hy slaap baie goed. Ons het nie 'n probleem daarmee nie. Die enigste ding wat ek ervaar met die Ritalin is … ek weet nie of dit ek is wat nou meer bewus is van hoe hy op Ritalin is, en daarsonder was voor die tyd. Jy kan mos nie 'n ding vergelyk as jy dit nog nie ervaar het nie. Voor die Ritalin het ons hom aanvaar soos wat hy is. Nou as hy byvoorbeeld op 'n Vrydag net een pilletjie drink ... teen Vrydagaand wil almal in hierdie huis al weghardloop.*

Navorser: *Wat gebeur? Wat doen hy?*

Moeder B: *In die eerste plek … hy raak kwaai. Hy verloor sy humeur vir alles. Ek het hom eendag gevat en gesê: "Kind, dit is nie jy nie! Dit is nie jou normale optrede nie. Hoekom is jy soos wat jy nou is?" Toe sê hy vir my: "Ek is deurmekaar." Ek dink met die Ritalin word sy gedagtes georden en hy kan goed baie beter hanteer. Drink hy nie die pil nie, is dit hierdie warboel van stimuli wat hy kry. Hy weet nou ook hoe dit voel as dit "reg" is. Dit is nie vir hom lekker daarsonder nie, maar hy wil tog nie die pil drink nie, want dit het newe-effekte. Hy kry hoofpyn. Hy sal vir my soms sê hy is naar. So ek dink dit is lekker vir hom om dit 'n slag nie te drink nie. Dit maak definitief 'n verskil. Dit maak hom humeurig as hy dit nie drink nie.*

Moeder B: *My kind het nie 'n baie goeie eetlus op Ritalin nie. Hy eet glad nie eintlik nie. Hy eet net ontbyt. Ek sorg nou maar elke oggend dat hy ... ek maak elke oggend spek en eiers en omelet dat hy ten minste in die oggend ordentlik eet. Naweke eet hy weer goed en vakansies.*

Navorser: *En saans?*

Moeder B: *Hy sal byvoorbeeld laat aand vir my sê hy is lus vir iets om te eet, dan gee ek vir hom 'n bakkie roomys. Dit is hoekom hy moeg raak, want hy neem nie genoeg voedingstowwe in nie. Hy is nie net aandagafleibaar nie, hy is lig- en tassensitief ook én tekstuursensitief ook. Hy kan die idée van maalvleis nie hanteer nie. Dit gaan oor die growwigheid. Hulle verhemelte is blykbaar baie sensitief. Ertjies en rys ook …*

Moeder C: *Sy onderwyser van dié jaar kon nie agterkom of daar 'n verskil is tussen of hy medikasie gebruik of nie medikasie gebruik nie. Maar ek dink emosioneel is daar 'n verskil. Hy hanteer emosionele dinge beter as hy op medikasie is teenoor wanneer hy nie op medikasie is nie. Wanneer die medikasie begin uitwerk, so by laatmiddag, dan ondervind jy hy is weer emosioneel. Hy is huilerig en kan hy kwaad raak ... dan moet hy liewers 'n bietjie gaan slaap. Dan kom jy dit agter.*

Moeder D: *Hy is absoluut, ek kan amper sê, gebrandmerk as 'n stout kind, jy weet. Hy luister nie en hy sit nie stil nie en sulke goed en uhm skielik kan hy stilsit en hy kan sy takies klaarmaak en dis nie net die heeltyd wat daar op hom gepik word nie. So dis vir hom beter in die klas* [moeder aarsel]. *Ek dink dit voel vir my hy is meer aanvaarbaar. Ek dink dit voel ook vir hom, jy weet, asof die juffrou beter of liewer vir hom is. Dis nie meer niemand hou van my nie en my juffrou is nie lief vir my nie, jy weet, so ek dink dit het vir hom baie beter geraak.*

Moeder E: *Ek kan nie regtig sê dat ek 'n verskil by die huis gesien het nie, want die medikasie het hy maar gebruik as hy skooltoe gegaan het. Ek weier om dit te gee as hy by die huis is omdat ek gevoel het ek wil hom nie so afhanklik maak daarvan nie. Ek kan 'cope' met hom by die huis. Hulle het die probleem daar* [skool]. *Huiswerk gaan maar sukkel-sukkel, baklei maar so, maar ons kry dit op 'n manier gedoen.*

Moeder E: *Hy het glad nie eetlus nie en ek moet met hom baklei om ontbyt te eet. Hy moet ontbyt eet, brekfis en in die middae sal hy nou maar ... bietjie sap drink of bietjie joghurt. Dan is hy sommer naar en dan wil hy niks hê nie en dan so van vieruur, half-vyf, dan raak die leeu in hom wakker en dan wil hy nou brood en kookkos en alles sommer gelyk hê.*

Moeder F: *My bekommernis van die Ritalin is hy glo dit is 'n "magic" pilletjie, want ek sê vir hom dit is 'n vitamien. Ek wil nie hê hy moet weet dit is Ritalin nie of iets wat hom*

help nie. Ek sê net dit is vitamines wat vir mens sterker maak en help om te luister as juffrou praat en al daai tipe dinge en dis hoekom hy elke dag sy vitamines moet drink. Hy glo dit is sy "magic" pilletjie. As hy die pilletjie in het, is die lewe wonderlik. Volgende jaar moet hy gaan hy vir sielkundige behandeling dat hy dit net uit sy sisteem uitkry, want my vrese is ... sou hy byvoorbeeld nou aangaan met die "magic" storie, dan gaan hy eendag as hy groot is dalk deur probleme gaan en dan wil hy "drugs" of iets gebruik om "magic" te kan wees.

Moeder G: *Ek, ek begin dit aanvaar. Dit was in die begin verskriklik erg om te aanvaar, maar ek sien wel die resultate is daar, want ek kry nie meer klagtes van die onderwyser nie en daai tipe van ding. So dit moet "obviously" werk, so ek moet myself net …*

Moeder G: *Jy hoor dít en jy hoor dát van Ritalin. Dit is hoekom ek eers baie teëgeskop het daarteen. Toe gaan hy op Ritalin, uhm, vir 'n drie-maande toetstydperk. Ons het hom begin eerste week met 'n halwe pilletjie en daarna moes hy op een pilletjie gaan. Dit is die tien milligram en hy het begin verskriklik hoofpyne kry en naar wees in die skool. Toe bring ek dit weer terug na 'n halwe pilletjie in plaas van 'n hele pilletjie.*

Moeder G: *So ek hoop nou nie hy is in 'n "trans" in die skool nie, jy weet. So ek voel nog steeds nie baie gelukkig met die feit dat hy op Ritalin is nie, alhoewel hy nou op 'n halwe pilletjie is en hy daai aand of daai middag 'n hele pilletjie gevat het. So ek hoop nou net nie hy is heeldag in 'n "trance" van 'n halwe pilletjie nie.*

Moeder G: *Ek het vir hom verduidelik hy is op medikasie om te kan konsentreer in die klas en soet kan wees vir die juffrou. Party oggende ... ek het nou die pilletjies skooltoe gestuur. Sy* [onderwyseres] *gee nou elke oggend vir hom die pilletjies by die skool omdat ek party oggende vergeet het. Ons het op die ou einde party oggende so baklei om hierdie pilletjies te drink dat dit 'n absolute drama was by die huis. Hy hou nie altyd daarvan nie. Hy maak een of ander verskoning dat hy dit nou nie moet drink nie.*

Die navorser noem in die volgende afdeling, die rol en waarde van 'n ATHV-ondersteuningsgroep vir ouers, bondige uittreksels uit die moeders se sienings.

3.6.3.8 Die rol en waarde van 'n ATHV-ondersteuningsgroep vir ouers

Die meeste moeders van ATHV-leerders in hierdie studie vind die ATHV-ondersteuningsgroep vir ouers waardevol ten opsigte van insig en kennis oor ATHV, asook hoe om hul kind meer suksesvol te hanteer.

Navorser: *Wat is die waarde van die ATHV-ondersteuningsgroep vir jou?*

Moeder A: *Toe ons besluit het oor 'n ondersteuningsgroep* [vir ATHV], *het ek 'n vergadering by die huis gehad met ma's wat al in trane was. Toe kom die skool en vra of ons nie 'n groep wil begin nie. Toe skryf ek dié storie vóór die tyd om vir hulle te lees en te sê: " Kyk, dis my storie! Ek is daardeur vanaf graad 1. Kyk, lees dit. Moenie dieselfde foute maak nie. Moenie lank wag nie. As daar 'n probleem is, laat jou kind toets!"*

Moeder B: *Ek wens mens kan op 'n groter spektrum die onderwysers op kursusse stuur hiervoor dat hulle waarneming in die klas net 'n bietjie anders is. Dat hulle meer bewus word van hierdie kinders. Selfs met hierdie inligtingssessies wat ons het, is dit altyd dieselfde personeellede wat kom. Negentig persent van die tyd is daar nie eers so 'n kind in hulle klas nie. Ek weet daar sit so 'n kind in daai en daai se klas en daai mense moet ingelig word!*

Moeder C: *Ek dink dit doen 'n mens goed om te praat oor jou emosies en te besef daar is ander mense wat dieselfde dinge deurgaan. Ek dink ons gaan miskien in 'n mindere mate deur met hom omdat ons nie akademies sukkel nie, waarvoor ek baie dankbaar is. Ons het nie daai nie en ons is gelukkig oor hy op homself druk plaas.*

Moeder D: *Ek dink dis 'n baie goeie ding, want, uhm,* [aarsel] *ek dink daar is nog steeds 'n stigma aan kinders wat Ritalin gebruik en ek dink dit sal seker altyd so wees. Baie ma's se kinders, wat nie Ritalin gebruik nie, sal sê: "Weet jy daai kind gebruik Ritalin?" So jy wil nie regtig met iemand praat wat nie presies weet waaroor dit gaan nie. So as 'n mens by hierdie ondersteuningsgroep is, dan sien mens al hierdie ma's en jy weet hulle is hierso omdat hulle ook 'n kind het wat aandagafleibaar is. Ek dink dis 'n wonderlike ding, want sê nou maar iets gebeur met jou en jy weet nie hoe om dit te hanteer nie, dan sal ek vir die sameroepster bel en sê maar luister dit en dit het nou*

gebeur. Wat sou jy gedoen het? Ek dink dis 'n baie goeie ding om net met iemand te kan deel wat dieselfde voel as jy.

Moeder D: *Ek het vir een van die ma's by die ATHV-ondersteuningsgroep gevra: "Hoe hanteer jy dit? Raak jy ook ongeduldig?" Sy sê toe sy raak ook ongeduldig. Ek dink soos mens meer leer van ATHV, hoe meer jy lees daarvan, hoe meer verstaan jy ... Ek kon nie verstaan dat ek honderd keer moet sê: "Tel op jou goed! Bêre jou goed!" Môre moet ek dit weer sê. Ek vra eendag vir haar wanneer leer hulle om dit op hulle eie te doen? Sy sê toe: "Jy moet die oor en oor en oor en oor sê en jy moet geduld hê." Toe sê sy sy kry ook haar af dae, want dit is nie vir haar maklik nie. Dan dink ek as dit sleg gaan, ek is nie die enigste ma wat ongeduldig raak en sê: "Ek het honderd keer al vir jou gesê, tel op jou goed! Hoekom tel jy dit nie op nie?" Toe nou die dag lees ek hulle sê hulle kan nie organiseer nie. Jy moet hulle help om hulle goed te organiseer, hulle kaste reg te pak en netjies te hou. Eintlik was ek half onregverdig om van hom te verwag om dit uit sy eie uit te doen. Maar dit is seker soos wat 'n mens leer ... Daar is baie goed wat 'n ou eers later agterkom en leer. Ek glo elke dag is nog 'n leerproses, jy weet, soos wat hy ouer word. Ek dink in daai opsig is die ondersteuningsgroep baie goed. Daar is mense wat verder die pad geloop het as jy, met wie jy kan praat. 'n Ou raak maar moedeloos.*

Moeder E: *Ek is baie opgewonde daaroor. Dit is net so 'n riem onder die hart om te besef jy staan nie alleen nie. Daar is soveel ander mammas en ek is opgewonde vir die feit dat die ouers wat nou 'n probleem het, eintlik het hulle dit maklik, ek meen, hulle stap daar in en sê: "Hoor hier, jy is nou 'n ou hand, waar het jy begin? Ek weet nie waar om te begin nie." En jy kan vir hulle al daai mense se name gee op 'n skinkbord.*

Moeder F: *Ek en my man het baklei oor die manier hoe hy die kind hanteer en hy het weer gedink dis die regte manier om die kind te hanteer. Na die praatjie toe sê hy as hy dit maar net 'n jaar gelede geweet het, kon hy dit soveel beter hanteer het. Dit is hoekom dit nou so goed gaan omdat hy dit soveel beter kan hanteer.*

Moeder G: *Daar was drie ondersteuningsgroepaande waar hulle basies sprekers gehad het. Ek het 'n koppie koffie gedrink en hier gesels en daar gesels. Ek het persoonlik gevoel my kind se probleme is nie so erg soos party van hulle se probleme nie. Uhm, maar ek het wel deel gevoel, jy weet, van hulle. Ek het nie gevoel asof nee,*

jy weet, ek hoort nie hier nie, maar ook in dieselfde asem het ek gevoel baie van die goed wat daar gesê is deur die sprekers het ook aanduiding gegee tot my ouer kind, omdat hulle sê daar's mos twee verskillende ADHD's. Die een is 'n ekstrovert en een is 'n introvert. Jy weet, die een kan nou maar net terugkruip in sy dop en die ander een kan die klas heeltemal ontwrig. Ek het definitief deel gevoel van die groep, maar met my ATHV-kind spesifiek het ek partykeer gevoel sy probleem is nie so groot nie. Ek kan hom hanteer, waar ander ouers of ek het dit so interpreteer dat hulle al regtig al baie langer probleme het, jy weet, en nou al weer van een dokter na die ander dokter en van een psigiater na 'n ander psigiater gaan, jy weet, al 'n lang pad gekom het.

3.7 SAMEVATTING

Uit die onderhoude wat die navorser met die moeders van ATHV-leerders gevoer het, kom dit duidelik na vore dat die moeders van ATHV-leerders negatief geraak word deur die simptome van ATHV, asook deur die sekondêre gevolge daarvan. Die simptome van ATHV werk stremmend in op die interaksie tussen die ATHV-lyer en sy omgewing. Volgens Frederick en Olmi (1994:288) is die ATHV 'n ontwikkelingsversteuring wat gekenmerk word deur sosiaal ontwrigtende gedrag, ontwikkelingstekortkominge in volgehoue aandaggewing, gebrekkige impulsbeheer, swak regulering van motoriese aktiwiteite (of 'n kombinasie van hierdie simptome) in reaksie op omgewingseise. Die primêre belewenis van die moeders van ATHV-leerders was om die ontwrigting te bowe te kom wat deur die ATHV-simptome veroorsaak word en om die ATHV-simptome te hanteer met so min as moontlik sekondêre gevolge. Die primêre patroon van ontwrigting manifesteer in die ATHV-kind se gedrag wat òf aandag trek òf iemand anders affekteer. Soos dit uit bogenoemde temas duidelik blyk, kom die volgende belewenisaspekte van die moeders duidelik na vore: onsekerheid, magteloosheid, moedeloosheid, depressie, bekommernis, spanning, frustrasie, verwerping van moeder se eise deur die ATHV-kind en haar belewing van mislukking, sukses en verligting.

Daar gaan by enkele van die emosionele belewenisse van die moeders van ATHV-leerders stilgestaan word. Die doel hiermee is die aard van die moeder van 'n ATHV-leerder se leefwêreld nadat dit ernstig deur die diagnose van ATHV by haar kind ontwrig is, verder toe te lig. Die navorser het waargeneem dat die meeste moeders in die navorsing magteloosheid beleef het. Hierdie gevoel van magteloosheid het veral geheers vóórdat die moeders bewus was daarvan dat hul kind aan ATHV ly en voordat

hulle by ‘n ondersteuningsgroep vir ATHV aangesluit het. Voorbeelde word vervolgens verskaf van die emosionele belewenisse van die moeders van ATHV-lyers, veral ná die diagnose van ATHV by hul kinders.

Moeder B: *Ek het daai “gut feeling” gehad vóór pre-primêr en dit is nooit opgetel nie. Dan kom jy half op ‘n punt waar jy magteloos raak. Jy voel dan moet hy nou maar druip ... Daai magteloosheid as jy besef jy kan nie die kind los nie, jy moet hom help ...*

Moeder E: *Ek weet nie waar die antwoord lê nie, maar ek weet iets is verkeerd ... Dis in hierdie jaar ... in die eerste kwartaal (van graad 3) het ek net besef “I’m fighting a losing battle.” Ek kom nie voor nie.*

Die meeste moeders het frustrasie om verskeie redes beleef. Die redes het gewissel van onsekerheid oor hul kind se probleem tot ‘n gebrek aan raad oor hoe om hul ATHV-kind tuis, asook in die skool, te akkommodeer.

Moeder B: *Dan raak jy gefrustreerd omdat jy besef dat daar iets fout is met jou kind. Dit is vir my die moeilikste ding. Niemand anders sien dit nie. Almal sê vir jou: Moenie jou bekommer nie ... My grootste probleem wat ek ervaar, is frustrasie, want ek het twee kinders. Ek het by die huis een kind wat, ten spyte van sy aandagafleibaarheid, op sy eie manier leierskapeienskappe het, wat op sy eie manier homself kan laat geld. By die skool sien hulle ‘n totaal ander kind. As ma ervaar ek frustrasie, want ek wil hê hulle moet sy volle potensiaal sien.*

Moeder E: *Ek het baie spanning … baie spanning. Ek dink ook frustrasie omdat ek besef het die skool kan nie hulle vinger lê op dit wat verkeerd is nie. Ons probeer en probeer, maar ek het gevoel ons het nie by die kern van die ding gekom nie. Die feit dat die juffrou vir my aanhou sê: “Jy stres verniet. Jy ‘worry’ verniet. Jou kind is super intelligent”, het my frustreer, want ek ken haar goed en sy was ‘n pre-primêre juffrou. Hoe kan sy dit vir my sê?*

Al die moeders, behalwe moeder G, het wisselende grade van spanning, kommer en angs gerapporteer. Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993:23) omskryf angs as ‘n subjektiewe belewenis van spanning, besorgdheid en kommer. Dit word teweeggebring deur ‘n kombinasie van kognitiewe, fisiologiese, gedrags- en emosionele

aanwysings. Angs gaan dikwels vergesel van fisiologiese toestande soos senuweeagtigheid, humeurigheid, slaaploosheid, geïrriteerdheid en depressie. Twyfel aan eie vermoëns om ‘n gegewe situasie te hanteer, gaan dikwels gepaard met angs (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:23). Moeders A, B en D noem dat hulle spanning voor elke nuwe skooljaar beleef wanneer hulle hul ATHV-kind se nuwe onderwyser(es) moet gaan ontmoet en inlig oor hul kind se versteuring. Voorbeelde van die moeders A, B, D, E en F se belewenisse van angs, kommer en spanning ten opsigte van die toekoms van hul ATHV-kinders word vervolgens aangehaal.

Moeder A: *My groot storie is volgende jaar. Waarheen volgende jaar? ... Ek het nog nie vir die hoof gesê ek het ‘n probleem nie. Ek voel ek moet, maar ek gaan dit eers in die nuwe jaar doen wanneer die kinders ingeskryf word ... So daai dinge moet ek gaan uitpluis. Ek gaan dit nie voor die tyd vir hulle sê nie. Hoekom moet ek hom “label” voor die tyd?*

Moeder A: *My ATHV-kind se laerskoolloopbaan maak nou klaar Vrydag, en, uhm, deur met jou te gepraat het, het alles net weer, al die swaarkry, want kyk daar was regtig niks lekker nie. Die skoolwerk was nie lekker nie* [sug]. *Dit was net daai* [moeder sug] *dis alles verby, maar hier lê nou nog vyf jaar vorentoe.*

Moeder B: *Ek het elke Januarie ‘n kol op my maag. Ek moet gaan en sê: Hier is my kind. Dit en dit het gebeur van geboorte af ...*

Moeder D: *Wel, weet jy die jaar is verby en die nuwe jaar lê voor en nou is dit weer daai angs, jy weet. Wat se juffrou kry hy volgende jaar? Gaan hy en die juffrou regkom? Jy weet dis nogal altyd vir my in die begin van die jaar ‘n moeilike ding, want ek dink hy pas moeilik aan, jy weet, hy hou nie daarvan om te verander nie. Hy word vreeslik lief vir sy juffrou en dan is die jaar verby en dan moet hy weer gewoond raak aan sy nuwe juffrou en daai tyd gewoonlik is hy baie moeilik.*

Moeder E: *Ek dink die spanning en die bekommernis het my so opgeëet dat ek nie daar was vir my ander kinders nie. Dit wat hulle moes deurmaak met my wat so stoei met hierdie kind vorentoe en agtertoe. Ek het slapelose nagte gehad.*

Moeder F: *Ek was net "embarrassed" as iemand hom vra om te kom speel of so. Dan was my senuwees klaar, want wat gaan die kind doen? Niemand wil vir my sê nie, maar ek kom agter aan sekere goed die kind was stout as hulle hom terugbring. So ek was net senuweeagtig en het hom nie met selfvertroue en vrymoedigheid gestuur nie. Ek was bang hulle dink ek voed nie die kind op nie, maar dit is nie die geval nie, verstaan jy? Dit is 'n kwessie van dis water op die eend se rug, die opvoeding ...*

Moeders A, D en E rapporteer dat hulle verligting beleef het:

Moeder A: *Ek is verlig en, uhm, Vrydagoggend ek meen, uhm, ons ouers moet nou gaan en dis nou 'n hele saalstorie en afskeid. Ek weet in die verlede as die ouers daar uitstap, dan huil die ma en die kinders huil en ek wonder of ek dit gaan doen* [lag]. *Ek gaan dalk huil uit verligting, nie uit hartseer nie, jy weet!* [lag].

Moeder D: *Baie mense konsentreer op die negatiewe goed van Ritalin, maar ek kan getuig dat dit my kind se lewenskwaliteit baie verbeter het. Ek kan dit absoluut sien. Ek dink aan die seuntjie wat in graad 1 daar was en ek dink hoe was hy in graad 2. Mens kan die twee kinders nie vergelyk nie.*

Navorser: *Hoe het jy oor die vorige onderhoud gevoel?*

Moeder E: *Ek voel lekker daaroor, om daaroor te praat, want dit voel vir my, uhm, dis 'n suksesstorie. Ons het iets bereik deur als deur te maak en 'n oplossing te vind vir die probleem. So vir my is dit 'n wenner om 'n sukses hiervan te gemaak het. Ek dink daar is soveel goed wat 'n mens nie met niemand deel nie, wat jy heeltyd saam met jou gedra het.*

Die navorser het hierdie sikliese patroon van struwel, moed opgee, herlaai, uitbrand, weer struwel soos beskryf deur Kendall (1998:846) by veral moeder B waargeneem en sluit daarmee af:

Moeder B: *Dan kom jy half op 'n punt waar jy magteloos raak. Jy voel dan moet hy nou maar druip. Nou moet hy maar agterbly. Daar is niks meer wat jy nou kan doen nie. Dit is so 'n op en 'n af. Daai magteloosheid as jy besef jy kan nie die kind los nie, jy moet hom help. Jy moet iets doen. Dan begin jy weer te baklei en stoei totdat jy raad*

kry. Dan werk dit ook nie, dan is dit maar weer die … van die homeopaat tot die ADHD (vereniging) in Johannesburg. Almal se raad en aanbevelings en elke keer is dit hierdie "dip" wat jy vang. Nou is ek op 'n punt van aanvaarding. Ek het nou daar gekom dat ek besef dit is my kind. Dit is sy probleem en vir my gaan dit nou daaroor dat hy gelukkig is.

In die eerste gedeelte van hoofstuk 3 is die navorsingsontwerp uiteengesit en bespreek. Die resultate wat vanuit die empiriese ondersoek verkry is, is in die tweede gedeelte van hoofstuk 3 bespreek. Ter afsluiting van hierdie navorsing volg daar in hoofstuk 4 'n samevatting van die bevindinge, tekortkominge en aanbevelings van die navorsing.